

NEHEMIA

Nehemia se gebed. 1 : 1 – 11

Ongeveer twaalf jaar na die hervormingswerk van Esra was daar van daardie werk nou nie juis meer veel in Jerusalem te sien nie. Uiterlik het dit maar beroerd gegaan en innerlik niks beter nie want van 'n geloofslewe volgens die Woord van God soos duidelik geopenbaar in die Wet is in die onderlinge verhoudings niks bespeur nie. Die besitters het die armeres laat honger na brood en geregtigheid en ondertussen was almal deel van die uitverkore volk en het die erediens soos 'n ge-oliede masjien geloop. Moontlik was dit weer een van daardie tye waarin die godsdienstigheid 'n bloeityd beleef het maar ten koste van die ware geloof.

Onder Serubbabel en Jesua is die tempel van die HERE herstel, deur die priester Esra is die gesag van die Wet van die HERE Here weer in ere herstel en onder Nehemia kom nou die herstel van die heilige stad van die HERE en van die maatskaplike omstandighede onder die uitverkore volk.

Nehemia was een van die Jode wat nog in Persië gewoon het en het soos ons so dikwels in die gewyde en in die gewone geskiedenis sien 'n baie belangrike posisie in die wêreld bekleed. Ons sien dit tot vandag toe dat die Jode netsoos die gereformeerdes wêreldwyd 'n baie groter rol in die lewe speel as wat van hulle persentasiegewys volgens hulle getalle verwag sou kan word. Een van die kenmerkende redes daarvan is dat die gelowiges in die gewyde geskiedenis en onder die gereformeerdes hulle uitverkiesing as geroepe kinders van God en rentmeesters van God in die heerlik uitdagende lewe besef en dit uitwerk.

So was Nehemia werksaam in die paleis van koning Artasasta. Omdat Nehemia blykbaar in die koning se harem gewerk het was hy na alle waarskynlikheid 'n eunug, 'n man wat dus ontman of gekastreer was. Selfs

daarin moet ons die seënende hand van die HERE sien want al was dit as gevolg daarvan onmoontlik vir Nehemia om in die tempel te kom was dit algemeen bekend dat sy hoogheid koning Artasasta 'n heerser was wat maklik beïnvloed kon word deur sy magdom vrouens én deur sy eunugs.

Nehemia het as skinker van die koning 'n baie hoë posisie aan die hof bekleed, hy moes as vertroueling van die koning eers alle wyn wat die koning wou drink proe om so seker te maak dat dit nie vergiftig was nie. Ondanks sy hoë posisie het hy in daardie absoluut heidense omgewing die ware geloof behou en dit uitgeleef. Hy het ook 'n lewend-gelowige belangstelling vir die gebeure in Jerusalem gehou, die stad waarna die Verlosser sou kom volgens die beloftewoord van die Verbondsgod.

Tot sy groot skok hoor hy nou van sy broer Hanani, wat saam met 'n afvaardiging Judese manne in Susa aangekom het om blykbaar 'n versoekskrif oor die toestand van die stad vir die koning te gee, hoe hemelskreiend sleg dit met die stad gesteld is. Die vyande van die teruggekeerde ballinge het blykbaar nie alleen reggekry om die herbou van die mure te laat stop, soos ons in Esra 4:6-23 gelees het, maar ook om daardie herbouingswerk wat reeds gedoen was te vernietig en die houtwerk van poorte en borswerings te verbrand.

Die geweldig ontstelde Nehemia gaan in openlike rou en vas en stort sy hart in die gebed voor die HERE uit en dit gedurig oor 'n tydperk van vier maande totdat die koning van sy winterpaleis in Babel na sy somerpaleis in Susa teruggekeer het.

Opvallend is dat die treurende Nehemia begin om in sy gebed die HERE met Sy Verbondsnaam aan te roep en daarmee val hy gelowig terug op die verbond wat die HERE met Sy volk gesluit het. Hy bely dat die HERE groot en ontsagwekkend is en daarmee wys hy dan ook op die dreiging as deel van die verbond om onmiddellik verder te gaan deur te wys op die beloftes wat die HERE in en kragtens Sy verbond gegee het, beloftes vir

elkeen wat God gehoorsaam en liefhet. Die verbondstrou van God is die vaste grond vir sy gebed. Hy bely die sondes van sy volk en sluit sy eie en sy familie se skuld daarby in netsoos Esra gedoen het (9:6), hy erken dat hulle weens die sondes hulle lewensdoel gemis het.

Uit daardie diepte pleit hy nou op God se verbondstrou deur in sy eie bewoording Deut 30:1-4 aan te haal. Diep is gesondig maar daar was bekering en terugkeer. Kan Israel dan nie daarom op die vervulling van God se beloftes hoop nie? Baie opvallend is dat Nehemia egter met geen woord rep oor volledige gehoorsaamheid soos waar Deut 30 oor handel nie en dit ook nie waag om hom op iets dergliks te beroep nie. Al wat hy wel doen is om hom op die verbond te beroep, daarop te pleit. Ondanks al die ongehoorsaamheid en al die sondige gesukkel bly hulle mos nog die uitverkore verbondsvolk?! Daardie verkiesing lê mos muurvas in die trou van die Verbondsgod.vgl Rom 11:29. God het in Sy grondelose genade die volk uitverkies en so van sondaars heiliges gemaak, mense wat vreugde vind in die dien van die HERE.

Nehemia sluit sy roerende gebed af met die bede dat die seën van die Here op sy plan mag rus en dat die koning se hart deur God geroer sal word sodat die plan mag geluk. Hy was naamlik skinker van die koning en dit was een van die hoogste ere-ampte aan die Persiese hof.

Nehemia word na Jerusalem gestuur 2 : 1 – 10

Dit is al vier maande later wanneer koning Artasasta in Susa teruggekeer het. Vier maande waarin Nehemia gerou en gevas het. Die spore daarvan is skerp en duidelik afge-ets op sy gesig. Die oë van die wispelturige en plesiersoekende koning word deur die Gees van die HERE oopgemaak sodat hy werklik waar kan sien dat daar spore van hartseer op die gesig van sy geliefde dienaar is – ‘swak heersers het dikwels ‘n sin vir humor’ (van

Selms). Dit was egter absoluut ongehoord dat iemand in die teenwoordigheid van die koning kon kom sonder dat op sy/haar gesig 'n sonnige glimlag geplak was nie. Nehemia het na vier maande se rou geen begeerte om toneel te speel nie. Die lewensgevaar daarvan besef hy goed en daarom sy groot angs of die koning dit sal toelaat dat 'n paleisamptenaar hom met sy persoonlike probleme sal lastig val? Maar deurdat hy met sy gesig in mineur reeds 'A' gesê het, moet 'B' nou volg en kom die hoë woord daaruit dat hy so sielsbedroef is omdat die stad waar sy voorvaders begrawe is totaal in puin lê. Hy noem dus nie eers die naam Jerusalem nie, waarskynlik heel taktvol omdat die koning dan sou kon onthou dat dit juis deur sy eie koninklike bevel verbied was om die herbouing te doen. Opbou van 'n stad beteken altyd dat mure, poorte en bolwerke herbou en versterk word. Jerusalem sou dan dus weer 'n vestingstad word en dit nogal 'n stad en sy bewoners wat berug was vir hulle gedurige oorerflike besit van rewolusionêre en opstand gene (Esra 4:12e.v.).

Die koning se hart word deur die Here beroer sodat hy pleks van om uit te bars in woede sommer vir sy geliefde dienaar vra wat Nehemia dan nou tog eintlik wil hê? In reaksie op daardie vraag stuur Nehemia 'n kort en stil maar kragtige gebed na God toe op. 'n Moedige optrede en 'n moedige gebed maar dit gaan baie dieper want hierdie man is gelowig besig om te worstel met die beloftes van die Verbondsgod vir die gee van die Messias waardeur alle heilsfonteine vir die uitverkore volk van alle eeue oopgemaak word. Dit was dus nie maar 'n waagstuk selfs nie eers 'n gelowige waagstuk nie maar 'n geloofsdaad deur 'n man wat waarskynlik self geen nageslag sou kon voortbring nie. Hoe naby het hierdie man by God geleef en dit is nog meer klemmend as hy inderdaad 'n eunug was. Ons lees in vers 6 dat die 'koningin' dus die hoofvrou langs die koning gesit het toe hierdie gesprek plaasgevind het. Dit wys dan logies daarop dat dit alles in die harem plaasgevind het. Nou het geen mans in die harem gewerk wat nie

ontman was nie. Op baie afbeeldings van die Assiriërs was die eunugs ook afgebeeld. Vir die gelowige Israeliet het dit nou egter beteken dat hy as ontmande nie toegelaat was om in die ‘vergadering of gemeente van die HERE ‘ te kom nie Deut 23:1. Dus waar die Israeliete vir een of ander kulties dus godsdienstige doel saamgekom het vir ‘n fees of offer was ‘n ontmande nie toegelaat nie (hoe heerlik verander dit egter later waar ook die ‘droë bome’ in al die heerlike heil van die HERE deel sal hê Jesaja 56:3 Later word selfs spesifiek ‘n ontmande, die Etiopiese hoë hofamptenaar met sy doop in die gemeente van Christus opgeneem Hand 8:20 e.v.). Ondanks dat Nehemia dus uitgesluit was uit die tempel en godsdienstige feeste weens sy liggaamlike toestand werk hy sy roeping gelowig uit vir die uitverkore volk van God.

Na sy ‘skietgebed’ vra Nehemia dat die koning hom na Jerusalem sal stuur om die stad op te bou. Hy vra spesifiek om ‘gestuur’ te word dus met ‘n opdrag te kan gaan en nie maar net toestemming te kry om na Juda te reis nie. Al wat die koning vra is die tydsduur van sy beplande afwesigheid wat wel wys op sy positiewe gesindheid teenoor sy skinker. Sonder om volgens gewone gebruik eers met sy sewe raadsliede te beraadslaag ‘stuur’ die koning hom. Dat spesiaal genoem word dat die ‘koningin’ langs die koning gesit het wys wel op haar goeie invloed op die bespreking. Hier word net gesê dat Nehemia gestuur word maar eers in 5:14 in die hoedanigheid as goewerneur. Hierdie amptelike benoeming het die voordeel ingehou dat hy ‘n mate van selfstandigheid in Juda besit het en het beteken dat hy nie gekortwiek was soos Esra deur Samaritane en Persiese amptenary nie.

Terwyl die koning Nehemia se versoek goedkeur smee die gelowige skinker die yster terwyl dit nog heet is en vra ‘n pas of visum vir sy deurtog deur die gebied wes van die Eufraat en ‘n magtiging vir die opsigter van die staatsbos om hout te verskaf vir die herbou.

In die so positiewe besluit van die koning sien Nehemia nie as rede sy goeie verhouding met die koning of die invloed van die koningin of sy takt en slim diplomatie nie maar die ‘goeie hand van my God’. Daardie God wat tot vandag toe alles in Sy Hand hou en alles lei na Sy doel toe met of sonder gebruik van allerlei middels waaronder ook mense kan tel.

Die koning het ‘n groot militêre geleide saam met hom na Juda gestuur. Baie verklaarders stel dit in teenstelling met Esra wat die aanbod vir ‘n militêre beveiligingsgeleide afgewys het en gesê het dat hy op die beskerming van die HERE vertrou. Mens kan egter nie hier ‘n teenstelling maak nie want die agtergrond en omstandighede was totaal verskillend. Ons lees in ieder geval nie dat Nehemia vir ‘n geleide gevra het nie en ook nie dat dit vryblywend vir hom aangebied is nie. Nehemia het in sy amptelike hoedanigheid as goewerneur gegaan en ‘n militêre geleide was onlosmaaklik deel daarvan al sou dit net kragtens protokol wees en nie eers vir beveiliging nie. Nehemia het in die oë van die koning en sy amptenary as staatsamptenaar gegaan en hulle het geen aandag daaraan gegee dat hy wat homself betref as gelowige verbondskind gegaan het na die Sionstad van God. Esra het nie as staatsamptenaar of as verteenwoordiger van die koning gegaan nie maar as priester en gelowige Wetgeleerde en wat die koning en burokrasie betref as iemand wat die betrokke ‘landsgod’ tevrede moes stel sodat die koning en sy seuns ‘n lang voorspoedige lewe sou hê.

Uiteraard was die nuus van Nehemia se sending na Juda glad geen goeie nuus vir die vyande van die volk van God nie. Dit word so treffend gestel dat hulle dit as ‘n ramp beskou het dat ‘iemand iets goeds vir die Israëliete wou doen’ – iets ‘goeds’ want dit is iets wat Satan nie ken of kan doen of verdra nie. Die vyande is beslis geen onaansienlike of magtelose skorriemorrie nie. Nehemia gee hulle nou nie juis die agting wat hulle op ander afdwing nie. Sanballat was die goewerneur van die provinsie Samaria. Nehemia spreek hom nooit met daardie amptelike titel aan nie maar eerder

minagtend as die Goroniet wat maar net 'n aanduiding is van sy geboorteplek. Sy kollega in vyandskap was Tobia wat hier as Ammonietiese 'kneg' of 'slaaf' aangedui word wat egter eerder op 'n hoë posisie dui. Tobia was onder andere weens huwelikke met sterk familiebande verbind aan vername mense in Jerusalem (6:18 ; 13:4), hy was die hoogste persiese amptenaar in die provinsie Ammon. Hierdie twee was Nehemia se bitterste vyande wat in 'n herboude Jerusalem 'n struikelblok vir hulle eie belange gesien het. Hulle het in die teruggekeerde ballinge slegs 'Jode' gesien wat niks beter of anders as Samaritane en Ammoniete ens. is nie hoogstens onaangenamer veral as nuwe 'inkommers', indringers wat hooghartig hulle godsdiens as 'beter' beskou het. Nehemia en die gelowiges het hulleself egter as die 'kinders van Israel' beskou, as God se verbondsvolk wat deur 'n onoorbrugbare kloof van die ander volke geskei was. Die kloof wat daar is tussen die gelowige wat die Een God aanbid en die hele of halwe heidene wat 'n veelgodedom eer. Nehemia was deur God gegee en gestuur as herbouer, hersteller in die Naam van God vir die stad van God.

Geloof maak oop oë en 'n brandende hart 2 : 11 – 20

Netsoos Esra wag Nehemia ook drie dae voordat hy aan die werk spring, waarskynlik weens die nodige rituele reinigings wat gedoen moes word. Soos hy in Jerusalem ingekom het vanuit die Noorde het hy gesien dat die mure grondig verwoes was en die stad dus 'n 'oop' stad was. Om geen slapende honde wakker te maak met indringende navrae besluit hy om in die nag 'n deeglike inspeksie te doen van die ander mure. Hy neem net 'n paar man saam en as goewerneur is hy die enigste wat op 'n muil ry. Hy het selfs nie vir die mans wat saamgaan gesê wat 'my God my in die hart gegee het om vir Jerusalem te doen nie'.

Die beskrywing van die mure en poorte in hierdie en die volgende hoofstuk gee 'n belangrike aanduiding van hoe die stad se grondplan gelyk het in die tyd van die konings en Nehemia. Die ergste verwoesting was by die Koningsdam, sodat Nehemia nie op die muil daar verder kon gaan nie. Die dam moes sorg vir die watervoorsiening as die vyand die stad beleër het en daarom was dit geen wonder dat juis daardie gedeelte so grondig verwoes was nie.

Na sy inspeksie roep hy vir die eerste keer die inwoners saam en maak hy die doel van sy koms bekend. Tot dusver het nie eers die amptenary geweet van Nehemia se bewegings en planne nie. Deur die werk van die Gees het ook hierdie geroepe leier, netsoos Esra, vol takt sy roepingstaak aangepak. Al is hy goewerneur kom hy nie met bevele nie maar benader hy die Jode, wat van die eerste Eksodus af tog bekend is as 'n ondankbare superkermende volk, as een van hulle, 'n mede-Jood. Hy doen 'n regstreekse beroep op hulle nasionale eergevoel want die swartgeblakerde verwoeste mure is 'n vernedering wat op hulle rus, en iets wat hulle 'n bespotting vir enige vreemdeling maak.

Hy speel egter nie net op hulle so beskadigde eergevoel nie maar trek die lyn deur na die werk van God. Hy vertel hulle hoe wonderbaarlik die Hand van God oor hom was toe hy met die koning gepraat het en na Juda gelei is. Hy wys hulle op die werk van die Here wat die hart van die koning verander het sodat hy as Jood as goewerneur aangestel is en dat die verbod vir die herbou opgehef is met die teostemming om dit nou onder sy leiding te doen. Die hele vergadering van Jode word aangestek deur Nehemia se woorde en besluit met entoesiasme 'kom ons bou!!'. Onmiddellik voeg hulle die daad by die woord en word die werk aangepak.

Omdat die Jode se geswore vyande vriende en familie in Jerusalem gehad het was dit nie lank nie of hulle het van die herbouplanne en werk geweet. 'n Derde vyand word nou genoem in die persoon van Gesem, die Arabier.

Hy was goewerneur van die Arabiese provinsie wat die suidelike deel van Juda omring het. Die vyande het nou drie kante van Juda omring : die Samaritane in die Noorde, die Ammoniete in die Ooste en die Arabiere met die Edomiete as deel daarvan in die Suide. As later ook nog die Asdodiete as verteenwoordigers van die Filistyne by die ander vyande aansluit soos ons in hoofstuk 4 lees, dan is Juda van alle kante omsingel.

Die eerste reaksie van die vyande op die nuus van die herbou is om te spot en smalend te lag. Vol veragting vra-sê hulle ‘Wat vir ‘n ding is dit waarmee julle besig is? Wil julle in opstand kom teen die koning?’ Hulle gryp dus terug op die beskuldigings wat deur Regum gemaak is en wat die koning genoep het om die herbou te stop en te verbied.

Nehemia is egter nie op sy mond geval nie en antwoord met ‘n geloofsantwoord. Reguit en direk. Hy vertrou op die Here en bely dat hy en die ander die diensknegte van die Here is. Dwarsdeur die kerkgeskiedenis word die eerste deel van die antwoord graag aangehaal.’ Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, Sy dienaars, gaan bou.’ Die tweede deel “Julle het nòg aandeel, nòg reg in Jerusalem en geen historiese band (of gedagtenis) met hom nie’ , word nie graag aangehaal wanneer ‘n werk op die kerklike terrein aangepak word nie. Vandag sal liever gesê word dat dit nou nie juis ‘n ‘polities korrekte’ uitspraak is nie. Maar die ‘heilige geslag (of saad)’ Esra 9:2 verloor sy heiligheid as hulle vermeng raak en ‘n menggodsdienst aanhang. Nehemia se geloof was ‘n daadkragtige reguit geloof.

Herbouers van die mure 3 : 1 – 32

Hierdie derde hoofstuk is maar ‘n vervelige hoofstuk om dit vers vir vers te lees en daarom kan dit sy wonderkarakter en sprankel verloor. Nehemia het die muur in so’n 42 werkstukke opgedeel en die taak onder al die genoemde mense en hulle groepe en helpers verdeel. Die mees uiteenlopende groepe en soorte mense, van die hoëpriester en priesters en Leviëte tot gesagvoerders waarvan een se dogters spesifiek genoem word en ‘n goudsmid en ‘n parfuummenger en die gewone inwoners van Tekoa, die geboorteplek van die profeet Amos, wat die werk gedoen het terwyl hulle dorp se vooraanstaandes nie gewillig was om die swaar werk te help doen nie – gevolglik pak die armere inwoners van Tekoa nog maar ‘n tweede gedeelte van die muur aan vs 5 en 27 !! ‘n Oulike staaltjie uit die geskiedenis van die Kerk-van-Christus-in-die-verdrukking en die geskiedenis van Bybelvertalings en Bybeluitgawes draai juis om vs 5. In die Bybel wat in ongeveer 1570 in die stad Emden uitgegee is, word by daardie vers opgemerk ‘Die armes moet die kruis dra, die rykes gee niks nie/ Deux aes het nie/ six cinq gee nie/ quarter dry/ help vry=verniet’ – gevolglik is die betrokke Bybeluitgawe die Deux-Aes-Bybel genoem. Die Franse terme wat gebruik word was blykbaar name vir die verskillende stande in die bevolking, name wat aan die kaartspel ontleen was... Die rympie laat ons dus verwonder aan seker die enigste keer dat kaartspelsterme in kantaan-tekeninge in die Heilige Skrif gebruik word ter verduideliking asook dat ons sien dat dwarsdeur die eeue die ‘gewone’ mense, die ‘gewone’ lidmate in die kerklike lewe dikwels maar die ruggraat is ook op die gebied van die suiwer hou van die Bybelse leer. Ons sien dit dwarsdeur die kerkgeskiedenis en dit laat ons weer des te meer besef hoe belangrik dit is dat ons die kerkgeskiedenis as die werk van Christus met Sy Kerk deur die eeue moet ken.

Die sprankelende wonderkarakter van hierdie hoofstuk is dat al die verskillende gelowiges 'n daad-werklike en daad-kragtige geloof uitgeleef het. Jode wat deur al die eeue berug is weens opstandige en ondankbare gekerm, pak eendragtig hierdie kolossale werk aan, 'n vuil werk om van toegegroeide swartgeblakerde puin weer 'n sterk verdedigingsmuur te bou. Nehemia het met Geesteswysheid alles gereël en vinnig ook. Die hele geweldige organisasie moes geskep word en met geweldige spoed want hy het uit dure ondervinding geweet dat hy beslis nie op die koning se standhoudendheid teenoor vyandige geskinder kon reken nie en aan vyande het hy nou nie juis 'n gebrek gehad nie. Dit was lewensbelangrik dat die werk so gou moontlik afgehandel moes word sodat Sanballat en sy gespuis voor 'n voldonge feit geplaas sou word en die herbou nie sou kon verhinder nie. Die algehele samewerking van die gemeente, die geloofsgemeenskap het ook voorkom dat die geldelike las onhanteerbaar groot sou raak. Vol gelowige diplomاسie en takt sonder bevele as goewerneur maar met vaste hand lei Nehemia.

SAMESWERINGS OM DIE BOUWERK TE STOP 4 : 1 – 23

In hierdie Bybelgedeelte sien ons weer daardie wonder van die geloof dat hoe kwaaiër aanvalle en bestryding en plaas van struikelblokke op die lewenspad van die gelowige, hoe vuriger in gebed en roepingsvervulling die gelowiges volhard. Die vyande van die Jode voer 'n oorlog op alle fronte. In die begin was dit veragterende spot 2:19 maar nou word dit skerper en dreigender. Sanballat neem die hele saak van die herbou nou ook ernstiger op en belê 'n vergadering met sy kollega's die goewerneurs van Ammon en die provinsie Arabië waarby ook die bevelvoerders van die leerse garnisoen in Samaria aanwesig is. Oorlogswolke dreig. Watter oormag teenoor die verarmde ballinge. Ons hoor niks weer van die militêre geleide

wat saam met Nehemia uit Susa getrek het nie. Voorlopig bly dit egter nog by spot want geen nugter en verstandige mens kan hom selfs indink dat die arm en magtelose Jode die nodige offers vir die wyding van die muur kan bekostig nie en nog minder iets bruikbaar kan haal uit die verweerde swartgeblakerde klippe wat die ou muur gevorm het nie, selfs ‘n kind kan weet dat die verskriklike brande die klippe laat bars het. Die Ammoniet Tobia moet ook nog sy eier lê al is dit dan vrot en buitekant die nes: ‘laat hulle bou ! Daardie klipmuur van hulle sal omval as ‘n jakkals daarteen spring!!’

Teen die vernederende spot stel Nehemia die wapen van die gebed. Hy roep die Here aan om Getuie te wees van dit wat Sy volk moet verdra maar ook om Sy wraak oor hulle te laat losbars. Dit is dan in opdrag van die Here dat die geloofswerk aangepak word en nou maak hierdie ongelowige vyande die werk tot eer van God en so Godself belaglik.

Natuurlik is daar studeerkamergeleerdes en vandag mense wat besmet is met die absurde humanisme en verregaande ‘menseregte’ wat Nehemia se gebed teenoor die eerste kruiswoord of die sterwensgebed van Stefanus plaas. Ook word die vraag gestel of die gebed nie onder die oordeel val van Rom 10:2 ‘ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.’ Dit bring ons by die hele gedagte van die vergewing van die sonde deur vyande. In die algemeen word dit totaal verkeerd gesien deur die meerderheid christene. Daar is geen sprake van dat die Heilige Skrif ons beveel om ‘n algemene vergewing of skuldkwyt-skelding te handhaaf netsomin as wat daar van ‘n algemene genade in die Skrif sprake is. Wanneer Christus aan die kruis bid vir die vergewing van Sy vyande dan is dit beslis nie vir die Fariseërs en hulle trawante wat baie goed weet wat hulle doen en geen begeerte vir enige vergewing het nie. Dieselfde geld vir die terroristiese moordenaars wat met hulle fanatiese fatalistiese anti-christelike geloof selfs kinders se lewens nie ontsien nie.

Nehemia word verteer deur die ywer vir God en Sy heerlike gedenknaam en die eer en naam van die volk wat Hy as troue Verbondsgod uitverkies het. Nehemia roep God se wraak nie af omdat hy persoonlik te na gekom is of aan persoonlike spot onderhewig was nie maar oor die vuil en lae teëstand van die goddelose vyande. Ons voorvaders wat terwille van die geloof vervolg is het netsoos Nehemia durf bid. Beginselvastheid en ‘n gespierde daad-kragtige geloof mag dan vandag in die tydsgees van kompromisse nie populêr wees nie, dit spreek my baie sterker aan as die gefluister en kwelende gekerm oor soetsappige liefde-liefde teen alle koste. Saam met Nehemia en met die sing van onder andere ook die sogenaamde ‘wraakpsalms’ uit die Psalmboek is dit ook deel van ons roeping om die ons toebetroude pand te bewaar. Dat ons dan aangeval en bespot en belaglik gemaak word is nog nooit lekker nie maar dan kan ons maar ‘n ander ‘skietgebed’ vir sterkte opstuur.

Na die gebed lees ons die kort maar kragtige ‘ons het bly bou aan die muur. Die hele muur was al halfpad opgebou. Die volk was met hulle hart in die werk.’ So tekenend. Bid en werk – ora et labora, so’n kenmerk van veral die calvinisme met sy roepingsbewustheid as rentmeesters van God in God se wonderlike skepping. Die gelowige gebed laat ons alles in die ware perspektief sien en dan kan dit nie anders nie of ons hart is in die werk.

BID EN HOU JOU KRUIT DROOG 4 : 7 – 23

Die vyandige koalisie het gegroei met die aansluiting van die inwoners van Asdod waarmee al die Filistyne bedoel word. Nou was die omsingeling van Jerusalem deur die vyandige volke en magte ‘n voldonge feit. Maar al het die tong mag oor dood en lewe (Spr 18:21) vir die vyande was dit nie meer genoeg om met die swaard van die tong spottend te smaal nie, hulle het nou

begin beplan vir 'n gewapende aanval om daarmee en met die verwarring van 'n propaganda oorlog die werk van die Jode te stuit.

Weer soek Nehemia en die gelowige werkers hulle toevlug in die gebed. Dit is egter nie al nie. Hulle gaan sit nie 'met 'n boekie in 'n hoekie' nie, die gebed maak nie passief nie. Weer 'bid-en-werk' en nou as werk die bouwerk plus militêre waaksaamheid. Ons voorvaders – interessant dat die Nederlanders sê die Geuse wat teen die Spaanse oorheersers geveg het en die Engelse gereformeerders wat sê dat dit Cromwell was- het die uitdrukking gehad : 'bid en hou jou kruit droog'. Hulle het dit ook by Nehemia geleer wat bid en werk en wagte uitplaas.

Die gelowiges bly egter ook maar gewone sondige mense wat ook maar teen hulle eie vlees moet veg. Die onophoudelike spanning wat deur die vyande veroorsaak word en aangeblaas word deur die verraaiers in eie geledere en die geweldige groot en moeisame werk van die puinverwydering begin 'op die senuwees' werk. Pleks van om opgewekte liedjies te sing om van 'swaarkry lekkerkry' te maak word nou klaagliedere gesing. In monotone reëlmaat op die tempo van die stadige stap onder die las van die puindra word gekla-sing dat die draers se kragte ingee want die puin is te veel en hulle sal dit nie regkry om die muur te herbou nie. Nehemia hou selfs as goewerneur sy ore by die grond en hoor dat in moedeloosheid hierdie 'klingel-deuntjie' die geesdrif vergiftig. Natuurlik is dit minstens netso gevaarlik as die vyande se sabotasie.

Op allerlei maniere het die vyande saamgespan en beplan om die Jode met onverwagse aanvalle die dood in te jaag en die werk te stop. Nehemia-hulle is egter elke keer gewaarsku deur Jode wat naby die vyande gewoon het. Of hulle altyd ter goeder trou opgetree het is wel te betwyfel en daardeur is die onophoudelike spanning soms onnodig opgejaag en het dit ook verlamrend op die werk ingewerk. Nehemia het die 'bul by die horings' gepak en die werkers familiegewys bewapen en die muur laat bewaak. Hy

het dit nie by die organisasie laat bly nie maar ook in 'n toespraak die volk opgewek om te onthou dat dit 'n geloofswerk is en dat die Here, groot en ontsagwekkend, hulle sal help wat hulle krag en sterkte by Hom soek. Hulle moet nie bang wees nie maar op die Here vertrou en veg vir die voortbestaan van die hele volk.

Die militêre voorbereidsels en die geestelike versterking van die volk het die vyande van 'n aanval laat afsien. Nehemia bring die eer daarvoor weer aan God toe. Daarna word die herbou hervat. Maar 'n gewaarskude man tel vir twee en daarom bly Nehemia versigtig en moet die helfte van sy lyfwag goed bewapen bly en ook 'n ogie oor die bouers hou. Weens al die verstringelde familiebande was verraad wel 'n gedurige probleem en gevaar. Ook die manne wat buitekant die muur die boumateriaal moet bymekaar maak en aandra moet hulle wapen by hulle hou, die bouers werk met die swaard om die heupe gegord.

Nehemia het gedurig toesig oor die bouwerk gehou en waar hy ook al gegaan het, moes sy ramshoringblaser saamgaan. Sodra die volk sou hoor dat op die ramshoring geblaas word moes hulle onmiddellik by daardie gevaarpunt saamkom om die vyand af te slaan. Dit wys wel op 'n gebrek aan militêre strategiese kennis by die skinker-goewerneur want as die vyand 'n skynaanval sou uitvoer sou die Jode op een plek versamel en die res van die stad sonder verdediging wees. Maar die gebrek aan militêre kennis verdwyn in die niet by die besit van die suiwere geloof en die wete dat God die stryd sal voer, Hy wat met die stuur van Sy engel die wêreldmag Assirië se leër dan al voor dieselfde mure vernietig het Jes 37:36.

Met 'n uiterste kraginspanning word die bouwerk aangepak. Van dagbreek, so vyf uur, totdat die donker die werk onmoontlik maak, so teen sewe uur, word daar aan een stuk geswoeg. Die mans en hulle slawe wat buitekant die stad woon mag selfs nie by die huis gaan slaap nie om so die bewaking te

kan help en seker ook maar om spioenasie te voorkom. Maar die goewerneur en sy eie familie, sy amptenary en sy lyfwagte en hulle wat deel was van die militêre geleide uit Susa het dag en nag gewapen gebly. Daar was geen kloof tussen sê en doen nie. Hoe jaloers kan ons wees op so'n eendragtige ywer deur die volk van God. En dit in die ou bedeling. Ons is soveel ryker na die soendood en opstanding van ons Here Jesus Christus.

'DIE ARME MOET DIE KRUIS DRA...' 5 : 1 – 13

Selfs in die volk van God wat so wonderlik eendragtig saamwerk en tot eer van God teen die vyand staan is daar hemelskreiende sondes teen mekaar en so teen God. Die HERE het Sy wet-vir-die-lewe vir Sy volk gegee. Maar selfs die beste wette kan die egoïstiese mensehart nie outomaties verander nie. Omtrent die ergste was dat die rykere teruggekeerde ballinge nie in elke geval van oortreding van die letter-van-die-wet aangekla kon word nie. Ook in die Kerk van Christus word soms 'n sondige toestand of optrede toegelaat omdat op tegniese puntjies volgens die kerkreg of die Bybelse reg daar geen oortreding is nie of 'n vroeëre besluit word weens derglike koud-tegniese punte op ys geplaas. Weens die sonde is in die sigbare Kerk van Christus duidelike onderlinge afsprake nodig wat dan in die kerkreg die nodige beskerming en praktiese gestalte kan vind. Weens dieselfde sonde van die menslike geslag word dieselfde kerkreg soms misbruik om eie verborge verlangens af te dwing. Regstegnies mag dit alles in orde wees maar dit kan geestelike skade en magsmisbruik nie regmaak nie. In hierdie verband is dit ook weer waar dat 'gereformeerde' nie altyd 'christelik' is of beteken nie.

In ons tyd hoor ons so dikwels veral van die kant van die adventistiese groepe in die christendom dat ons moet wakkerskrik omdat die horlosie van

God op 'n paar sekondes voor twaalf staan en dit word dan 'bewys' met die stelling dat alles daarop wys met die wêreldtoestand en rampe en Vigs en ... en... Hierdie mense weet nie waarvan hulle praat nie. Volgens die Skrif kan Christus vandag, sommer nou, kom of eers oor een of honderdduisend jaar. Maar om te sê dat vandag se omstandighede meer op die vervulling van die 'tekens van die wederkoms' wys as enige tyd van die geskiedenis van Christus se kerk is die toppunt van dwaasheid en van sondige miskening van Christus se werk met Sy Kerk deur die eeue. Wederdopers en ander adventiste ly aan 'n chroniese blindheid vir die kerkgeskiedenis, aan 'n hemelskreiende sonde teen die bevel van die Hebreërskrywer om ons voorgangers te eer en te gedenk 13:7, om hulle geloofswerke te bestudeer soos in verklaring van die Woord van God, om hulle Geesteswysheid na te vors en jou daarin te verheug. Maar eintlik is daardie sonde heel logies want hulle het nie in die eerste plek 'n oog vir die voortgaande openbaringsgeskiedenis in die Heilige Skrif nie, hoe kan hulle dit dan hê in die geskiedenis wat Christus na Sy verheerliking gelei het en na die Jongste Dag sal lei? In ieder geval word oor die 'tekens van die wederkoms' so baie onbybelse populistiese onsin gespui dat die weerlegging daarvan dikker boeke sal vul as wat die Bybel is. Netsoos met ons verweer teen valse profesie in die uitleg van die profetiese boeke sal 'n gelowig-eenvoudige uitleg van die beloftes (dus positief!!) van die wederkoms weerlegging van valse leer vanself inhou en voorkom. Watter skade rig die los-tekste uitleg tog aan waar van 'n vergelyking van Bybelteks met Bybelteks en elkeen in die bepaalde deur Godgegewe verband geen sprake is nie. Wat weerlegging betref : dit is mos baie meer verrykend om met die skitterende edelsteen van waarheid self besig te wees as om die dowwe nagmaakte menslik ontwerpte 'kuns' (= sintetiese, nagmaakte) klippe te ondersoek. Dieselfde geld oor die armsalige geklets dat die Ou Testament en die wette daarin armoedig en minderwaardig is in vergelyking met die Nuwe Testament.

Wanneer die verband vasgehou word dan is ons verstom oor die rykdom en die liefde van die Here daarin vir Sy Verbondsvolk. Die wette in verband met slawerny, skuld en grondbesit – om te bly by dit waaroor die ‘sosiale onreg’ in ons teksverse gaan – was vol barmhartigheid en liefde.

SLAWERNY EN DIE WET VAN GOD. o.a. Eks 21 : 1 - 10

In die jaar 2007 was dit 200 jaar gelede dat in Engeland ‘n wet teen slawerny ingestel is. Gevolglik is daar ook in ons land baie aandag aan die probleem van slawerny gegee en was daar ‘n hele reeks programme oor onder andere die TV. In die tyd van die sogenaamde koms van demokrasie en hoogvereerde ‘menseregte’ is met entoesiasme kritiek gespui op die christene wat hulleself ‘christene’ genoem het maar slawerny goedgekeur en selfs toegepas het. Hulle het in die ‘Afrika-konteks’ die ‘arme onskuldige swartetjies’ gejag en soos wilde diere vasgeketting en soos vee in slaweskepe na die Amerikas geneem teen wonderlike winste. Ek noem spesifiek die ‘Afrika-konteks’ want dit is waar alle klem op val in die verpolitiseerde bespreking. Daar word nooit enige aandag gegee aan die Europese (blanke) slawe van daardie tyd en eeue eerder nie. Baie ‘swartes’ en hulle mondstukke wil vergoeding van die Europese nasies eis maar waar sal ons eindig as alle volke en mense wat deur die eeue verslaaf was met hierdie ‘restitusie-eise’ kom? Natuurlik het die slawerny verskriklike misstande en onbeskryflik baie hartseer veroorsaak. Maar gerieflik word vergeet dat baie meer mense deur hulle eie mense soos stamkapteins aan slawehandelaars verkoop is as wat hulle met geweld deur (blanke) handelaars gevang en ontvoer is. In my tyd is daar nog in Namibië en Angola kinders as slawe en eiendom verkoop en die voordeel daarvan was dat hulle kon oorleef en ‘n goeie lewe onder normale omstandighede kon lei. Die hele kwessie van slawerny word deur die gekleurde bril van vandag

se tydsgees bekyk en dan word in der waarheid baie sake uit verband geruk en met vandag se omstandighede be-oordeel. Wat ek eenvoudig nie kan verstaan nie is dat so maklik en entoesiasies die christene verdoem word oor wat twee eeue gelede deur sommige blankes en swartes gedoen is maar dat daar 'n daverende stilte is oor slawerny wat deur Arabiere en selfs tot vandag toe deur moslems beoefen word en deur moslemregerings oop en bloot of oogluikend toegelaat word.

Laat ons egter liewers die hand in eie boesem steek en bekyk of die vyande ons met reg kan verdoem as mense wie se geloof slawerny toelaat. Is dit so dat die God Wie deur ons bely word slawerny nie alleen toelaat nie maar dit selfs goedkeur en wette daarvoor gegee het? Inderdaad was dit so onder die ou verbond en juis die wette daarvoor wys op die hemelsbreë verskil tussen slawerny onder die volk van God en die ongelowiges.

In Eksodus 21 ontvang Israel die wet op slawerny. Hier handel dit egter oor volksgenote, dus slawe wat Israeliëte was en nie slawe wat uit vreemde volke gekom het nie want daarvoor handel Lev 25:44-46.

Slawerny was in die antieke wêreld baie wydverspreid en 'n normale deel van die daaglikse lewe asook 'n belangrike deel van die ekonomie. In verskillende volke was dit ook glad nie so ongunstig soos wat gedink word nie en veral nie vergelykbaar met die vang van slawe en hulle werk in Amerikaanse plantasies nie. Veral slawe by vooraanstaande eienaars het 'n goeie lewe gehad soos Josef by Potifar in Egipte. Ons lees in die Ou Testament ook van slawe wat eiendom besit het en self slawe kon besit 2 Sam 9:10; 16:1? ; slawe wat selfs erfgename van hulle meester kon wees Gen 15:2,3 en dit het selfs gebeur dat 'n slaaf trou met die dogter van sy meester 1Kron2:34,35 en dat slawe wat die vryheid kan ontvang volgens wet kan verkies om liewers in diens van hulle meester te bly. Ons kan in die geval van Israeliëte wat volksgenote as slawe verkry het nie as 'eienaars' praat nie want alleen God is die Eienaar en in wese was hierdie slawe nie

slawe nie maar vir 'n streng afgemete tyd werknemers wat sonder vergoeding moes werk- daarom praat ons eerder van 'meesters' as 'eienaars'.

'n Israeliet kon 'n volksgenoot as slaaf koop. Die rede was dat die man of vrou so diep in skuld geraak het dat dit die enigste moontlikheid was om verder te kan gaan Lev 25:39 ; Deut 15:12 of 'n ander rede was dat die persoon diefstal gepleeg het en dit nie goed kon vergoed nie Eks 22:3. Maar in nie een van daardie gevalle was dit werklik 'n winskopie nie want die slawerny kon nooit meer as ses jaar duur nie, die sewende jaar moes die meester die slaaf in vryheid laat gaan plus as geskenke 'n 'behoorlike deel van jou kleinvee, van die graan op jou dorsvloer en van jou parskuip. Van alles waarin die HERE jou God jou voorspoedig gemaak het, moet jy vir hom gee. Jy moet onthou *jy was self 'n slaaf in Egipte en die HERE jou God het jou bevry. Dit is daarom dat ek jou vandag hierdie bevel gee.*' Deut 15:14,15 Mooi is dat Moses daarby vir die meester gesê het ' moenie dink 'n ramp het jou getref' as jy jou slaaf vrylaat nie, want in die ses jaar het hy jou dubbel die loon van 'n dagloner of huurling gespaar(die slaaf moes dan dag-en-nag of 24/7 in diens wees). Die HERE jou God sal jou voorspoedig maak in alles wat jy doen.'

Het hy as getroude in slawerny by sy meester gekom dan het sy vrou – en waarskynlik die kinders ook- saam in die vryheid geraak. Indien die meester egter 'n vrou-wat-nie-'n Israelietiese-was-nie vir die slaaf gegee het dan het sy met haar kinders lewenslank eiendom van die meester gebly. Indien die slaaf terwille van sy vrou en kinders en omdat hy gelukkig was by sy meester en die betrokke gesin nie in vryheid weg wil gaan nie dan moet die meester 'n 'els vat en dit deur sy oor steek teen die deur' Eks 21:6 en Deut 15:16 Dit versinnebeeld dat hy nou verbind is aan die huis van sy meester terwyl die oor ook wys op hoor en gehoorsaam. Deur die eeue is die Joodse gedagte dat hierdie band bly bestaan tot die Jubeljaar maar die

teks sê duidelik ‘ewig’ wat in die verband dus ‘vir altyd’ beteken. Die deurboring van die oor gee tog ook ‘n teken wat nie uitgewis kan word nie, al kan dit wel toegroei soos in ons tyd deur beide geslagte se modenavolgers wel ondervind word.

Dit sou ook kan gebeur dat iemand sy dogter as ‘n slavin verkoop. Nou nie om as slavin slawewerk te doen nie maar om as bywyf van die meester te dien. ‘As haar meester wat haar as sy vrou wou hê, later nie meer van haar hou nie, moet hy toelaat dat sy deur haar eie mense losgekoop word. Hy het nie die reg om haar aan vreemde mense te verkoop nie, want dan pleeg hy troubreuk teenoor haar. As die meester egter sou besluit om haar vir sy seun as vrou te gee, moet sy soos ‘n dogter behandel word. As die meester ‘n ander vrou vat, mag hy die byvrou haar kos, klere en huweliksreg nie ontsê nie. As hy hierdie drie dinge nie vir haar gee nie, moet sy vrygelaat word sonder dat daar iets aan haar meester betaal word.’ Eks 21:7-11

Al word oor die slawerny op veral drie Skrifplekke gehandel, naamlik in Deut 15 en Lev 25 en dan in Eks 21 val die *aksent* heel verskillend. In Deuteronomium val die klem op die *evangeliese gedagte van die vrylating wat wys na die verlossing uit die slawehuis Egipte*. In Levitikus gaan dit daaroor dat die slaaf *eiendom van God is en daarom moet hy broederlik behandel word en in die Jubeljaar vrygelaat word*. In Eksodus gaan dit oor allerlei reëlings oor die *regte van die meester en die slaaf met meer klem op die voldonge feit van slawerny*.

In Eksodus 21 gaan dit dus oor die feit van slawerny wat veroorsaak dat onder lede van een en dieselfde volk daar regtens twee groepe is: vry mense en gekooptes. Die wet wat God nou gee se bedoeling was om die slawerny in die toekoms nou reeds te reël. Ons sien dit onder andere in die bepaling dat ‘n slaaf se oor aan ‘n deurkosyn vasgesteek moes word – in ‘n tent in die woestyn was dit mos nie moontlik nie netsomin was daar landbou produkte in die woestyn en daarvan moes aan ‘n vrygelate slaaf gegee

word. In ieder geval was daar met die afkondiging van die wet geen volksgenote wat slawe was. Onder die vreemdelinge wat in die nag van die uittoeg saamgetrek het Eks 12:38 en :44e.v. was seker wel slawe waaronder hulle wat weggeloop het van hulle eienaars- daarom onmiddellik met die uittoeg al die bepalings in 12:44. Van hierdie slawe het hulleself dan aan die Israëliete verkoop om 'n draagliker lewe te hê. In die woestyn was daar onder die Israëliete geen armes wat gedwing sou wees om hulleself in slawerny te verkoop nie. Hierdie sosiale onding het eers later ontstaan.

Opvallend is dat in Deut 15 die slawewet onmiddellik op die wet in verband met die armes volg. Daarin word gesê dat as Israel 'n volk sal wees wat aan die HERE gehoorsaam sal wees, hulle so ryklik geseën sal word dat daar geen arme in die volk sal wees nie. 'As jy maar net luister na die HERE jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie, want die HERE sal jou baie voorspoedig maak in die land wat Hy jou gee om as jou eie te besit. Die HERE jou God sal jou seën soos Hy beloof het, en jy sal aan baie nasies kan uitleen sonder dat jy self hoef te leen. Jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie :4-6 vgl Eks 15:26 met die belofte by Mara. Waar daar geen armoede is nie, is daar geen rede om jou as slaaf te verkoop nie. Dat daar later wel armoede en selfs slawerny was getuig teen Israel en wys op die verharding in ongehoorsaamheid. God wou glad nie hê dat daar sosiaal-maatskaplike misstande was nie. Dat daar gekom het was Sy oordeel oor die wetsverlating. Vandag ook.

Maar God hou rekening met die ongehoorsaamheid van die volk want ons lees in vs 11 'daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israëliet wat in nood is en arm is.' Daarom het God die sabbatjaar ingestel sodat elke sewende jaar die landbougrond nie bewerk mag word nie en alles wat die grond vanself lewer moes na hulle gaan wat niks besit het nie en skuldeisers was beveel

om in daardie jaar die skuldenaars wat volksgenote was, se skuld kwyt te skeld. Die HERE het uitdruklik beveel om vrygewig te wees en vir die arme vrygewig te leen wat hy nodig het. Op al hierdie maniere sou die lot van die arme baie versag word.

Tog sou dit ondanks alles nog kan gebeur dat iemand weens armoede homself of 'n kind moes verkoop of sy dogter as byvrou vir die skuldeiser sou moet gee. Gevolglik volg onmiddellik op die wet oor armes ' as jou broer, 'n Hebreuse man of 'n Hebreuse vrou , hom aan jou verkoop en hy werk ses jaar vir jou, moet jy hom in die sewende jaar vrylaat...'

Slawerny van volksgenote was die allerlaaste uitweg, die uiterste noodsaak, wat altyd net en alleen kon ontstaan deur die persoonlike eie inisiatief van die arme wat homself of sy kinders verkoop (met uitsondering dan in geval van 'n dief wat die skade nie kon vergoed nie en vir delging daarvan in slawerny moes gaan). Niemand kon met geweld 'n slaaf gemaak word nie, slawehandel was eenvoudig onmoontlik onder Israeliete. Na 'n slawedienstydperk van ses jaar asook in die Jubeljaar moes die slaaf in elk geval in vryheid herstel word. Met as uitsondering dat die slaaf *vrywillig* in sy slawestaat kon bly. Die HERE het ook uitdruklik bepaal dat die behandeling goed moes wees en by die beëindiging van die slawedienskontrak geskenke gegee moes word. Dit is dus duidelik dat God slegs as uiterste noodmaatreël die slawerny in Israel se sondige samelewing toegelaat het.

Eintlik is dit onnodig om te sê dat Israel die wet op armes netsomin as die wet op slawerny gehoorsaam het. Armes is verdruk en uitgebuit en slawerny is selfs met geweld toegepas. Veral in die later koningstyd is van die liefde wat uit beide wette gestraal het, niks meer in die praktyk te vind nie. Dit is dan ook deel van die agtergrond vir die harde geroep in Nehemia 5. In Eks 22:25,26 word benadruk dat gelowig opgetree moet word teenoor iemand wat leen. Vir 'leen' word gewoonlik 'n woord gebruik wat beteken

‘om iemand op ‘n aangename manier verder te help’. As die lener sy jas as pand gegee het moes dit voor die nag vir hom teruggegee word sodat hy nie as gevolg van onbarmhartigheid sou ly nie. Van ‘n vreemdeling kon rente gevra word maar nooit van ‘n volksgenoot nie en met nog meer klem was dit absoluut verbied om van ‘n arm Israeliet rente te vra – dit was niks anders nie as afskuwelike heidense optrede.

Die vraag kan nou natuurlik gevra word waarom God die slawerny nie van die begin af absoluut verbied het nie? Sou dit dan nie moontlik gewees het dat armes gehelp sou word soos vandag deur die diakonie?

Ons lees nêrens in die Skrif dat God die slawerny maar toegelaat het weens die hardheid van die mens se hart soos Hy dit wel in die geval van egskeiding toelaat en wat in verband met die koop van ‘n byvrou wel ter sake is. Dit is ook nie ‘n geval van dat Israel nog nie ryp was vir so’n verbod nie en netsomin dat God maar aangepas het by die gebruik van heidense volke nie.

Opvallend-eienaardig is dat die wet ook op ‘n religieuse aspek wys. Slawerny is vasgestel op ses jaar (behalwe as daar ‘n Jubeljaar eerder gekom het) en die slaaf het die reg ontvang om die tydperk te verleng tot lewenslank. In geweldige kontras hiermee staan die babiloniese wette van Hammoerabie waar ‘n volksgenoot slegs vir drie jaar lank ‘n slaaf kon wees sonder die moontlikheid of die reg om die tydperk te verleng. Dit lyk dus asof die heidene baie barmhartiger was. Tog was die slawe onder die heidene baie slegter af, was hulle net ‘n gebruiksartikel en net ‘n nommer met ‘n brandmerk of nommerplaatjie wat hy om sy nek gedra het. Wie sal weet of dit dan tog beter was om net die helfte van die tyd swaarder te kry? Maar die wet van Moses is nie maar ‘n gewone wet nie, dit is deur God gegee en het ook simboliese betekenis. Die getal sewe is van groot belang. Aan die vrylating het God die sabbatsgedagte verbind en so die evangelielig daaroor laat skyn. Die vrylating het die slaaf in die rus laat

ingaan wat 'n herinnering was aan die ontvang van rus na die bitter harde slawerny in Egipte.

Levitikus 25 gee ook lig want die HERE sê daar in verband met die vrylating in die Jubeljaar: 'Omdat Ek die Israeliëte uit Egipte laat trek het, is hulle My slawe. Daarom mag hulle nie as slawe aan iemand anders verkoop word nie :42. En selfs van die hele volk geld 'want die Israeliëte is My slawe. Hulle is My slawe omdat Ek hulle uit Egipte laat trek het. Ek is die HERE julle God' :55.

Slawerny en die vrylating daaruit moet herinner aan Egipte en die vrylating daaruit. In Sy wet op die slawerny onderrig die HERE Sy volk dat Hy Israel gekoop het uit die slawediens van die Egiptenare om hulle vir Homself slawe te maak. Eers eiendom van Egipte, nou eiendom van God.

Armoede en slawerny was dus gevolg van ongehoorsaamheid teen God maar die ellende daarvan is deur God se wet beperk. Maar tog kom ons nie verby die feit dat God dit dan tog maar toegelaat het met 'n godsdienstige motief nie. Ons kan die lyne selfs nog verder trek deur te sê dat die feit van ongehoorsaamheid daar was en dat daardeur maatskaplik-sosiale misstande ontstaan het en dat God daarom slawerny toegelaat het om Israel te leer deur die vrylating van slawe dat Israel self die vrygekoopte eiendom van God was.

Die slawewet was dus 'n opvoedingsmiddel wat na Christus gelei het. Israel het dit egter nie raakgesien nie, het die evangelieverkondiging wat in die slawewet gehoor kan word nie verstaan of gehoor nie. Daarom het hulle nie volgens daardie wet geleef nie maar armes verdruk en slawe misbruik en uitgebuit.

In alles wat ons in die Ou Testament lees, lees ons die Naam van Jesus Christus, ons Here. Die wette oor die armes en slawe is eintlik al Sondag 1 van ons Heidelbergse Kategismus in soverre dit die diepste godsdienstige grondmotief betref. Israel het aan die voet van die Sinaï katkisasie ontvang

en God het by die begin begin: Israel is Sy eiendom. In die Ou Testament ontvang ons 'n ryk verskeidenheid van voorstellings en so was die uitverkiesing, die vrykoping deur Christus van Sy eiendom elke keer te sien wanneer 'n slaaf na sesjarige slawediens die vrye wêreld ingetrek het.

Maar dit alles, al daardie wonderlike terugkry van die vryheid plus al die geskenke was nog in die ou bedeling en die slawe wat nie volksgenote was nie was as vreemdelinge daarvan uitgesluit. Oor hulle vrylating sê die wet niks nie. Dit wil wel nie sê dat hulle ook van die weldade van die verbond uitgesluit was nie. Die vreemde slaaf moes ook besny word soos elke Israeliet (Gen17:12,13) en as lid van die gemeenskap van gesin of familie kon slaaf én slavin deelneem aan feeste en offermaaltye Deut 12:12,18 ; 16:11 ja, daar word nie eers 'n onderskeid tussen slawe en volksgenote en vreemdelinge gemaak nie, elkeen moet 'bly wees voor die Here'.

Die slawewet was daar terwille van Christus en het sy vervulling in Christus gekry.

Maar die HERE stel ook die, afgryslieke, moontlikheid dat die Israeliet in armoede verval terwyl die vreemdeling skatryk word en die Israeliet hom dan aan die vreemdeling as slaaf moet verkoop. Lev25:47-55 Die wette van God wat dan nou ook die wette van die Beloofde Land is, is ook van toepassing op die vreemdeling wat onder Israel woon. Die skuldenaar kan as verkoopte slaaf deur verskillende volksgenote of selfs later deur homself 'gelos' word. Die reg van lossing moet altyd van krag bly. Natuurlik moet die bedrag van lossing billik wees, markwaarde in die lig van die feit dat die vreemdeling verplig was om daardie slaaf in die Jubeljaar in elk geval vry te laat. Hierdie verpligte vrylating in die Jubeljaar wys ook al weer daarop dat die 'slaaf' nie 'n werklike slaaf was nie maar 'n loonarbeider wat verslaaf was. Die vreemdeling moet hom ook goed behandel – die meester mag 'nie met hardheid oor hom voor jou oë heers nie' met ander woorde niemand mag ooit sien dat 'n medeverbondskind deur 'n vreemde

verdruk word nie. Waarom dit alles? Omdat die HERE Sy volk nie uit die slawehuis in Egipte uitgelei het om hulle nou weer in 'n ander slawerny te laat vasval nie. Hulle het reeds een Eienaar en Hy bly die enigste Eienaar 'Ek is die HERE julle God'.

In die Nuwe Testamentiese bedeling is daar geen plek meer vir slawerny nie want die karakter van die wet was 'Christologies', het na Christus gewys. Die Vleeswording van die Woord het die afskaffing van die godsdienstige betekenis van slawerny beteken al moes daardie afskaffing bepaald nie volgens die resep van die revolusie gebeur nie. Ons sien dit duidelik in die onderrig van die apostel Paulus aan die Korintiërs in 1Kor7. Teenoor die heidens Griekse opvatting – wat dan so modern is!!- asof ware vryheid die menslike outonomie en eintlik wetteloosheid beteken, stel die apostel dat die ware christelike vryheid glad nie in stryd is met die beperkings wat die lewe volgens God se orde van ons vra nie. Waaronder dat die slaaf sy kop nou nie moet breek oor die feit dat hy nie 'n vryman is nie. Elkeen moet bly in die omstandighede waarin hy was toe hy geroep is, omstandighede wat die Here ook as middel gebruik het om die roeping op te volg. Per slot van rekening is hy tog 'n vrygemaakte in Christus en dit is wat tel, dit bepaal sy verhouding tot God. In Christus is ons almal vrygekooptes en slawe, vry en slaaf van Christus. Eintlik dieselfde gedagte wat in die grondslag van die slawewet in die Ou Testament lê. Tog gaan die apostel verder as hy wel 'n verandering ten opsigte van die slawerny aanbeveel 'maar as jy die kans kry om vry te word, maak gerus daarvan gebruik':²¹ Weer: nie op rewolusionêre manier nie. Die boek Filémon wys dit duidelik uit waar Paulus die gedroste slaaf Onésimus wat tot bekering gekom het, terugstuur na sy eienaar, die broeder Filémon met die opwekking dat hy die slaaf as 'n mede-broeder sal ontvang. Maar nog meer sal doen 'ek weet dat jy selfs meer as dit sal doen..'. Dus hier nie 'n direkte bevel nie maar op liefdevolle-dringende wyse die bekendmaking van die

wil van God. Hiermee en op hierdie gelowige manier het die apostel 'n begin gemaak om 'n geweldige omkeer in die hele wêreld se sosiaal-maatskaplike lewe teweeg te bring wat ook geweldige ekonomiese konsekwensies gehad het. Vrylating moet gekry, gegee word, nie geroof word nie.

Christus het Sy volk vrygekoop uit die geweld en slawerny van die Bose om Self Heer en Meester oor hulle te wees, daarom het slawerny religieus volkome sinloos en sondig geword.

'Die arme moet die kruis dra.'

Om saam te werk, werklik en letterlik saam die hande uit die mou te steek en 'n taak aan te pak het as bygevolg onder andere dat elkeen voel dat hulle in dieselfde bootjie is en dat grense wat hulle tot dusver geskei het, vervaag. So was dit by die gesamentlike werk aan die herbou van die mure van God se stad. Die werklike mure is met bloed en sweet opgebou en die onderlinge mure van standverskil het barste begin kry en begin inmekaarstort. Watter ellendige lewe het die arm broeders en susters en hulle kinders gelei onder die onbarmhartige optrede van die ryk mede-volksgenote, mede-broeders en –susters. Dit is so maklik om fout buitekant jou geliefde groepie of klik te soek maar ondertussen is jy stekeblind vir jou eie en jou klik se sondes. Netsoos dit vandag onder ons is, was dit ook in die Kerk van die ou verbond. Die geliefde broeders en susters en kinders werk soms entoesiasies en soms op die maat van die 'klingels' wat tydens die werk spontaan ontstaan het, hulle werk gelowig hulle roeping uit, praktiese godsdienst = diens aan God. Maar hulle bly nog sondaars en dit ook in hulle 'kerklike' werk.

Die uitgebuite en leeggesuigde armes in die Verbondsvolk het in hulle gesamentlike werk met die bevoorregtes besef dat hulle almal aan dieselfde

verbondsvolk behoort en het so 'n bietjie van hulle eie-waarde en selfrespek begin terugkry. Hulle werk aan die mure van die stad van God en van die huis van God en weet dat hulle gesamentlike God ook wette gegee het vir die onderlinge samelewing. Hulle oë gaan oop vir die hemelsbreë, eintlik 'helse', verskil in hulle lewensomstandighede en dit in stryd met die bedoeling van die wette wat die HERE vir hulle almal gegee het. Daarom het van die verontregte broeders saam met hulle vrouens as susters ernstig beswaar gemaak teen die verontregting wat per slot van rekening hemelskreiende sonde was. Dit is so wonderlik mooi dat reeds toe eeue en eeue voor die feminisme met sy (eintlik seker 'haar') rewolusionêre inslag daar egter in die Kerkvolk so'n mooi rol aan die vrou gegee is.

Op onverstaanbaar onbeskryflike manier het die rykes die armer volksgenote uitgebuit en selfs verslaaf. Daar was blykbaar weens misoeste hongersnood gewees en om net in lewe te probeer bly moes die armes en die 'kleinboere' die hulp van die rykes vra en eenvoudig hulle voorwaardes sluk. Van die armes moes hulle kinders as slawe verpand om kos te kan kry en die kleinboere moes hulle lande, wingerde en huise verpand om koring te kan kry. Hulle kon die skuld nie terugbetaal nie en het hulle lande en huise verloor! Weer ander moes geld leen om hulle belasting te kan betaal. Die rentekoerse was egter van 'n derde tot meer as die helfte en daarom was dit amper onmoontlik vir 'n lener om terug te kan betaal.

Die bitterheid oor die onbarmhartigheid het oorgeloop toe ryk en arm as volksgenote saam werk. Hulle het geen vergoeding vir daardie werk ontvang nie en die uitgebuite verontregtes het nou nog groter beproewings beleef met die gesukkel om nou ook nog elke dag se kos bymekaar te maak. Uit die optrede van die besitters het hulle ook die gevolgtrekking gemaak dat die slawerny van hulle kinders nie volgens die Wet van God behandel sou word nie. Die wet van God is nie gehoorsaam in die geval van die rente en woekerwins nie en watter kans sou daar dan wees dat die slawe na ses

jaar slawediens vrygelaat sou word? Van die meisies is dan al klaar as slawe-byvrouens verkoop. Van praktiese uitvoering van die lossingsreg kan ook niks kom nie want die kleinboere het geen lande meer en kan dus geen oes ontvang nie.

Broeders en susters het 'n 'groot geroep' laat opstyg. Dit laat dink aan dieselfde geroep deur die volk in die slawehuis van Egipte, nou is die geroep vir 'n regverdige regter. Hoe kan hulle alles maar magteloos toelaat en dit verdrukking deur volksgenote?

Watter geweldige skok vir Nehemia wat ondanks sy so hoë posisie tog nogal naiëf was as dit die geliefde 'vooraanstaande' broeders en susters betref. Hy was in die kerklike lewe eerder 'n 'vader Israels', 'n man in wie daar geen bedrog was' nie soos blyk uit sy eie onbaatsugtige houding teenoor sy volksgenote in die volgende verse. Wat help dit om stewige klipmure te bou om die vyand buitekant stad en tempel te hou as daar van binnekant uit die kanker van ongehoorsame onbarmhartigheid die buitemure laat vermolm en binnekant die kerkvolk mure van vyandskap gebou word.

Die deur God begaafde en gestuurde goewerneur wat ons leer ken het as 'n deurtastende en eerlike politikus en bekwame argitek is ook 'n verstandige en Geesteswyse bestryder van die sonde van sosiaal-maatskaplike onreg. Die man wat lankal besef het dat daar vir idealisme-alleen geen plek in die bepaalde omstandighede is nie, storm nie vol verontwaardiging voort soos 'n (gekastreerde) bul in 'n porseleinwinkel nie. Hy was woedend maar het eers rustig daarvoor nagedink en toe die 'volksraad' van edeles en leiers opgeroep. Hy het hierdie vooraanstaandes en ampsdraers (soos later blyk heelwaarskynlik baie van die priesters!!) reguit en skerp tot verantwoording geroep deur hulle prontuit te sê dat hulle op woeker uitleen, hulle eie broeders uitbuit! Maar soos hy met sy aankoms al aangevoel of gehoor het dat van die 'raad' nie teveel verwag kon word nie en hy daarom alleen en

sonder hulle medewete sy inspeksietog van die mure gedoen het en dit later ook bevestig is deur die onwil van die rykes uit Tekoa om saam te werk, so gaan dit nou weer en loop die Skriftuurlike verwyd van hulle af soos water van 'n eend se rug. Nehemia laat hom nie afdreig deur ongelowige vyande van buite nie en netsomin van vyande van binnekant wat geen vrugte-vangelooft dra nie. Hy systap eenvoudig die 'raad' en roep 'n volksvergadering saam. Esra het ook al so 'n volksvergadering belê maar mét samewerking van die 'amptdraers en die leiers/ owerstes en oudstes'. Watter tragiek dat in die so kort tyd daar so 'n hartsverandering onder die 'vooraanstaandes' gekom het. Hulle besit van geld en vaste eiendom en status deur goed beplande voordelige huweliksbande met Tobia en sy soortgenote in Samaria was belangriker as onderhouding van God se barmhartigheidsgebooie volgens letter en gees.

Gelowig-vreesloos en –nugter stel Nehemia hom aan die kant van die verontregte broeders en susters wat bou op die liefde en barmhartigheid van die troue Verbondsgod. Asof die goewerneur-broeder nog nie genoeg wraakgierige vyande het nie skep hy nou nog meer as genoeg onder die vooraanstaande 'elite' en eerbiedwaardige priester 'elite'... hy hou maar net sy God en Sy geopenbaarde Woord soos in die Wet gegee, vas.

Nehemia trek 'n skerp skeidslyn tussen 'ons' en 'julle'. 'Ons het ons Joodse broers wat aan heidene verkoop was, teruggekoop sover dit vir ons moontlik was'. Wanneer dit was weet ons nie, moontlik het Nehemia en sy volgelinge dit al in die land van ballingskap gedoen. Maar die rykes in Jerusalem en omgewing het presies die teenoorgestelde in die heilige land en heilige stad gedoen!! Hoe word die geldgierige 'vooraanstaandes' voor die hele volk verlaag tot aangeklaagdes.

In die volksvergadering sit die 'raad' sonder raad met 'n mond vol tande en is daar geen woord van verdediging nie. Hulle moes seker die Wet goed genoeg geken het dat hulle geweet het dat hulle diep skuldig was want geen

reggeaarde Jood sou anders stilswyend van sy slawe en goed afstand gedoen het nie.

Terwyl 'n dawerende stilte onder die rykes heers stel Nehemia vas dat daar verkeerd gedoen is, dat die geloof nie met die daede gepaar was nie en dat so die Naam van God geskend is en in die oë van die heidene beledig is. Nehemia tree egter nie as regter op nie, hy veroordeel maar lê nie 'n straf en vonnis op nie. Met Geesteswysheid skeld hy almal aan wie hy geleen het die skuld kwyt. Hy doen dus presies dit wat die betekenis van die woord 'leen' in Hebreeus is naamlik 'om iemand verder te help op sy pad'. Hy roep die 'vooraanstaandes' op om alle skulde af te skryf en hulle landerye, wingerde, olyfboorde en huise terug te gee. Die besitters onderneem dit. Weereens sien ons dat geloof sy nodige dosis nugterheid moet hê. Selfs van die gelowige kan woorde goedkoop wees veral wanneer uitgespreek in 'n gevoelvolle situasie. Daarom smee Nehemia die yster weer wanneer dit warm is en laat hy die priesters kom wat daar voor die hele vergadering in die Naam van die HERE namens die raadslede en ander rykes die beloftes met 'n duur eed bekragtig.

Nehemia versterk die werk van die priesters nog deur 'n simboliese handeling waarin hy iets soos sy kleed se sakke uitskud sodat die inhoud op die grond val. God sal dit aan elkeen doen wat sy eed verbreek. (Hoe jammer dat ons in ons tyd in woongebiede waar misdaad welig tier baie seuns en jongmans sien loop met hulle sakke uitgedop om te wys dat hulle niks het nie...) Vir die gevoel van die Oosterling is woord en daad 'n eenheid. Die vloek wat dus uitgespreek is sal inderdaad werklikheid word by verbreking. Met 'n algemene 'Amen = dit sal waar en seker wees!!' bekragtig die hele volksvergadering die plegtige beloftes.

Al was dit vir Nehemia nou allesbehalwe 'n manier om vriende te maak en die elite te bēinvloed was dit vir al die verontregtes 'n 'geskenk uit die hemel'. Natuurlik het dit geweldige ekonomiese gevolge vir die hele

samelewing veroorsaak maar in wese kon die besitters net hulleself blameer vir hulle absolute onbarmhartigheid. Dit is interessant dat in die jaar 594, dus voor die tyd van Esra, in die Griekse stad Atene deur Solon ook ‘n skuldafskrywing plaasgevind het. Die arme Solon moes daarna vir tien jaar lank rondswerf omdat volgens Aristoteles ‘ baie van die aansienlikes as gevolg van die skuldafskrywing vyandig teenoor hom geraak het’.

Nehemia kon natuurlik as goewerneur in die stad bly, hy het die werk van die herbou bly aanvoer.

Nehemia se onselfsugtigheid as voorbeeld vir die volk 5 : 14 – 19

Hierdie gedeelte oor Nehemia se eie onbaatsugtigheid kom nie uit amptelike stukke nie maar is deur die skrywer blykbaar uit ‘n soort dagboek van Nehemia uitgehaal. Dit is geen grootspraak nie maar eerder ‘n soort apologie maar dan deel van ‘n dagboek vir eie gebruik en nie vir publikasie bedoel nie.

Dit is van belang om daarop te let want dan verval ons nie in allerlei onregverdigde en ongepaste kritiek wanneer ons in vers 19 sy gebed lees dat God moet onthou wat hy alles vir sy en God se volk gedoen het.

As goewerneur was Nehemia op ‘n goewerneurstoelae of -brood geregtig. Hy het dan amptelik in diens van die owerheid gestaan. Maar die toelae is nie uit die Persiese staatskas betaal nie, dit was ‘n ekstra belasting wat die volk self moes bydra bo en behalwe die gewone belastings. Die gewoonte van die goewerneurs was om van die vergunning om so’n ekstra belasting vir hulle eie genot te hef met groot vrymoedigheid ruimskoots gebruik te maak. Die gevolg was dat die gemeenskap swaar belas was met ‘n halwe kilogram silwer elke lieue dag plus brood en wyn en daarby het die soldate in die goewerneur se lyfwag met geweld baas gespeel oor die volk. Maar nou mag ons maar onthou dat in hierdie geval dit weer ‘n kwessie was van

‘die arme het die kruis gedra’ – die elite het die regte ‘konneksies’ gehad en kon lekker leef. Die woorde van Marie Antoinette toe die volk gekla het dat hulle geen brood het om te eet nie en sy geantwoord het dat hulle dan maar koek moet eet weerklink al die eeue deur – dit was in Jerusalem en onder die laaste tsaar en onder kameraad Mbeki se kameraad Mugabe.

Goewerneur Nehemia wys nou daar op dat hy ‘uit eerbied vir God’ geen laste op die volk gelê het vir sy eie lewensonderhoud nie. Hy het selfs nog verder gegaan en hom nie alleen nie verryk deur grond aan te skaf nie, wat die beste manier van belegging in daardie tyd was, maar hy was juis omdat hy geen grondbesitter was nie verplig om gemeenskapsdiens te doen nie. Tog het hy nie alleen al sy mense wat in sy diens was in die herbouwerk laat deelneem nie maar ook self sy volle gewig ingegooi. In ‘n gelowige regeerder wat die vrugte van die geloof dra is daar die eenheid van geloofswerk en nasionalisme en sosiaal-maatskaplike verantwoordelikheid. Verder het Nehemia nie alleen sy lewensonderhoud nie van die volk geneem nie maar het hy selfs elke dag ‘n eenhonderd-en-vyftig mense aan sy etenstafels laat aanlê en dit was dan volksgenote terwyl lede van naburige volke wat in die stad was ook sy gasvryheid kon geniet. Dit het beteken dat elke dag ‘n bees geslag moes word plus ses uitgesoekte skape of bokke plus allerlei voëls (veral duiwe soos in die vorige eeu nog gebruiklik was?) en elke tien dae is volgens Egiptiese gewoonte ‘n leersak of groot kruik met ‘n keuse van uitgesoekte wyne by die gas se slaapplek afgelewer. Niks van daardie groot lopende daaglikse koste het hy van die volk geeis nie. Natuurlik het hierdie edelmoedige houding van die goewerneur wat sy regering betref ook sy dividende opgelewer. In die ontspanne sfeer van eet en drink kon hy die atmosfeer onder die mense goed peil.

In sy gebed vra Nehemia dat : God moet onthou, tot sy voordeel, alles wat hy vir hierdie volk gedoen het. Nou word hierdie gebed skerp aangeval

deur mense wat met allerlei ‘etiese’ en ‘morele’ bewerings heiliger as heilig wil wees maar ondertussen met die grootste vrymoedigheid dele uit die werklik Heilige Skrif uitsny om hulle filosofie te beoordeel. Hulle beweer dat goeie dade uit goedheid gedoen moet word sonder om te hoop of te reken op beloning. Maar in hierdie wysgerige ‘etiese’ waar geen plek is vir die gedagte aan loon nie is in wese ook geen plek vir geloof nie want in die grond is dit ateïsties. Die rykdomme van die ware religie is ingeruil vir swewende abstrakte en onduidelike begrippe.

In die eerste plek eis Nehemia geen loon nie maar *bid* hy ootmoedig vir God se genade. Want dit is wat dit is, hy pleit nie op grond van sy werke vir beloning nie maar op God se genade soos ons vandag dit bely in die amper vyfhonderd jaar oue Heidelbergse Kategismus se Sondag 24 dat God ons goeie werke *uit genade beloon* – dat Nehemia dit so bely het sien ons duidelik in 13 : 22. Later het ons Saligmaker Jesus Christus die verband tussen werk en loon baie duidelik uitgespel vgl. Mat 5:10-12 en 46 ; 6 : 4 ; 10 : 22, 32, 41. Wat op aarde gesaai word, word in die ewigheid gemaai vgl Mat 25:24,26 ; 1 Kor 15:42e.v. ; 2 Kor 9:6 ; Gal 6:7e.v. In die derde plek moet ons ook na die omstandighede kyk. Nehemia het op die punt gekom waarop hy sy werk neerlê, terugkyk en vorentoe kyk na ‘n baie onsekere toekoms waar hy binnekort teenoor ‘n wispelturige en onberekenbaar en slap koning rekenskap van sy werk moet aflê. Hoe kan leunstoel kritici dan sê dat dit nie van pas is om die Here te vra vir Sy hulp en dan ook te wys op die geloofswerk wat tot eer van God en seën van Sy volk gedoen is?

Sielkundige oorlogvoering deur vyande en verraad in eie boesem Hfst 6

Onbenydenswaardig was die hoë posisie wat Nehemia bekleed het. Gedurig moes hy sy aandag verdeel tussen die konkrete mure se herbouwerk en die sosiaal-maatskaplike bekadigde mure met die werklike welwese van die

volk en ondertussen was daar sy ampspligte as goewerneur met die ontvang van allerlei diplomatieke pos wat nie altyd baie diplomaties gestel was nie. So het die bitter vyande tot hul skok gesien dat die vervloekte eiewyse Jode werklik die mure herbou het en dat nog net die swaar poortdeure gehang moes word. Hulle wapens van spot en dreiging het nie die gewenste resultaat opgelewer nie. Nou bly eintlik nog net die verwydering van die Jode se onvermoeide leier oor.

Die vyandige koalisie het nog 'n laaste kans om die selfstandigwording van die Jode te verhinder want al was die mure gebou, die poorte was nog nie reg nie. As die kop van die Joodse ondier vermorsel kan word dan is die oorwinning nog vir hulle want binnekant die mure het hulle genoeg aanhangers. Nehemia is dus die teiken. Die probleem is egter sy lyfwag en volgelingen wat so on-Joods saamgestaan het en saamgewerk het. Die oplossing is om Nehemia uit te nooi na 'n vergadering van die goewerneurs op neutrale gebied. Maar Nehemia is blykbaar nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie en kry meer as genoeg snuf in die neus dat daar 'n gevaarlike slang in die gras lê. Hy kom met 'n baie ordentlike diplomatiese negatiewe antwoord, hy is te besig met die groot werk en kan dit nie laat vertraag deur 'n vergadering by te woon nie. Nog driemaal stuur die kollega's-vyande 'n dringende uitnodiging, om elke keer dieselfde diplomatiese antwoord te ontvang. Ten einde raad stuur hulle nou 'n oop brief. Oop sodat die inhoud algemeen bekend kan word soos die briefdraer langs die pad die inhoud kan voorlees. Aan die een kant kan die inhoud dan as bewys dien van die goeie voornemens en houding jeens Nehemia as hom langs die pad na die vergadering of tydens die verblyf daar 'n 'ongeluk' sou oorkom aan die ander kant die geslepe verspreiding van gerugte wat kwansuis Nehemia se goeie

naam sou kan skaad. Die vyande kom met geslepe politieke slenters maar Nehemia ruk die kleed van leuen en bedrog af deur reguit te sê dat al die bedekte beskuldigings deur die skrywers self uitgedink is. Deur Geesteswysheid gelei kon Nehemia deur die mooi woorde van die vyand sien. Hy het besef dat dit alles deel van bangmaakstories was wat die Godgegewe roeping vir die herbou moes lamlê. Weer roep hy in 'n paar woorde die hulp van God in.

As die vyand die bouer-goewerneur dan nie buitekant die stad kan vermoor nie dan moet probeer word om dit met behulp van die aansienlike medewerkers binnekant die stad te doen. Veral onder die priesters was daar baie kwaad bloed teen Nehemia met die vrylating van die slawe en skuldafskrywing. Die mens word mos maar die seerste in sy geliefde beursie getref! Verder is satan op geen gebied harder aan die werk as juis op die godsdienstige gebied nie. Dwarsdeur die heilige Skrif word ons dan ook gewaarsku vir die verbete werk van valse profete en skeurmakers – die Here Jesus waarsku daarteen en so ook Sy apostels tot die laaste woorde van die Openbaringboek toe. Onder die sogenaamde profete was ook 'n Semaja wie se naam nooit weer gehoor word nie, hy was een van die baie omgekoopte volgelingen van Sanballat-hulle. Hy was kwansuis in profetiese ekstase en gee nou hierdie 'profetiese boodskap' vir Nehemia wat om die een of ander rede in sy huis of in sy priesterkamer by die tempel was (so Staten Bybel). Die valse profeet sê dat hy 'n openbaring ontvang het dat Nehemia se lewe in gevaar is en dat hulle

twee binne in die tempel mekaar moet ontmoet waar Nehemia kan wegkruip en so sy lewe kan behou. Hoe onnosel kan die vyande van die gelowiges tog wees as hulle met vroomklinkende argumente begin werk. “n Gelowige weet tog dat enige sogenaamde profesie wat regstreeks in stryd is met die geopenbaarde Woord van God sonder meer vals is en net van die duiwel en sy handlangers kan kom. Die Bybels-reformatoriese standpunt is dan ook nog altyd dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dit veral by enige iets wat vir ons onduidelik mag wees. Hoeveel te meer moet enige méns se uitspraak getoets word aan die Skrif en as dit enigsins daarvan afwyk is dit so duidelik soos sonlig van die vors van die duisternis, valse profesie.

Nehemia sê onmiddellik ‘sal ‘n *man soos ek* vlug?’. Omdat hy heelwaarskynlik ‘n ontmande was, soos ons al eerder gesien het, was dit absoluut onmoontlik vir hom om in die heilige tempel in te gaan. Verder was dit in elk geval slegs aan die priesters toegestaan om in die tempel in te gaan, die HERE het uitdruklik verbied dat ‘n leek in die tempel kon kom. Semaja was blykbaar wel uit ‘n baie vooraanstaande familie want sy pa en sy oupa word genoem en sy pa was moontlik ‘n belangrike priester 1Kron24:18 maar in die teks lees ons nie dat hyself ‘n priester was nie en dus was hy selfs as profeet nie bevoeg om in die tempel te kom nie.

Nehemia sê dat hy nie wil vlug nie, hy het die verantwoordelikheid vir die welsyn van Jerusalem op hom geneem en sal selfs in die lig van dreiging vir eie

lewensgevaar nie die hasepad kies nie. Maar die sterkste argument is die geloofsargument. Hy sal nie teen die wet van God ingaan nie. Hy sal nie daardie misstap begaan om so ook boonop die vyand geleentheid te gee om hom te beskinder en die werk te verhinder.

‘My God, onthou tog ...’ weer ‘n kragtige kort gebed. ‘n Gebed vir bewaring teen vyande van buite en binne, valse broeders en susters wat hulleself profete noem. Nehemia noem net een profetes en verder profete, daar was dus werklik ‘n felle talryke aanslag van binnekant die Ou Testamentiese kerk uit! Nehemia besef dat al die bedekte en openlike aanvalle bedoel om hom bang te maak en so soek hy in die gebed hulp en krag by die enigste adres.

Die herstelwerk voltooi 6 : 15 - 7 : 3

Ondanks al die fanatieke pogings van satan en sy helpers in kerk en politiek het die gelowige Jode die werk volgehou en in Augustus-September 444 dit voltooi. Die geweldige werk was na slegs 52 dae klaar! Geen wonder dat die vyande se oë so’n bietjie oopgegaan het en hulle daarin die Hand van God gesien het nie. Hulle wat Nehemia wou verlam met die kweek van vrees is nou self daardeur verlam.

Al is die herbou geslaag kan Nehemia nog nie ‘n punt plaas agter die skandalige teëwerking wat hy van verskillende van sy volksgenote ondervind het nie. Baie van die vooraanstaandste Judeërs het noue bande met Tobija gehad onder ander weens ondertrouery en hulle het in die geheim ‘n intense briefwisseling met Tobija onderhou. Dit

was maklik genoeg veral vir almal wat lede van dieselfde 'sakekamer' was en in die besigheidskorrespondensie die vyand ingelig kon hou oor die vordering van die werk. Ondertussen het hierdie verraaiers mooi broodjies met die goewerneur gebak en gretig die heuningkwas gebruik wanneer oor Tobija gepraat is, Nehemia moes tog goed verstaan watter wonderlike man die Tobija was. Ondertussen het hierdie vriende van Tobija elke woord van Nehemia oorgedra sodat Tobija dit weer kon gebruik in sy dreigbriewe aan Nehemia.

Maar die mure was herbou en die swaar poortdeure gehang. Bewaking van die stad is gereël. Ook hier weer gelowige werk want selfs met die aanstelling van die bevelhebber van die vesting noem Nehemia uitdruklik 'Gananja was 'n betroubare man wat eerbied vir God gehad het, meer as baie ander'. Deur die eeue is gelowiges maar dun gesaai.

Dreiging van vyandelike aanvalle bly en daarom gee Nehemia bevel dat die poorte nie al met dagbreek oopgemaak mag word nie maar eers wanneer die son al hoog staan en so moet die stadspoorte ook vroeg in die volle daglig gesluit word sodat geen vyande in die skemerlig die stad kan probeer inkom nie.

Inwoners van Jerusalem moet ook snags wagdiens op die mure verrig. Die probleem wat nou egter opgeduik het, is dat daar nie genoeg inwoners was om al die wagposte te betrek nie. Daar was eenvoudig nie genoeg huise binne die stadsmure gebou of bewoonbaar nie en aan die ander kant

was daar so baie verraaiers dat nie al die inwoners vir wagdiens gebruik kon word nie.

'n Oplossing vir die probleem was om 'n deel van die ballinge wat op die platteland gaan woon het, in die stad te laat kom woon. Allereers sal egter nagegaan moet word wie almal op die platteland woon. Blykbaar was daar in daardie tyd nog nie iets soos 'n bevolkingsregister in die Persiese Ryk nie en deur op so'n geniale gedagte te kan kom dank Nehemia vir God. Maar die gedagte kom ook of daar nie al eerder 'n breë geslagslys opgestel is soos die vir die priestergeslagte. Indien dit êrens gevind sal kan word dan in die tempelargief en blykbaar is daar dan ook die lys van geslagte gevind wat in 537 uit die ballingskap teruggekeer het. Ons vind dieselfde lys in Esra 2. Nehemia beskou dit so belangrik om die geslagte waaruit die Joodse volk opgebou is te ken, dat hy dit ook in sy boek opneem.

Opvallend in verband met die bydraes vir die bou van die tempel is dat hier spesifiek genoem word dat goewerneur Sesbassar ook ruimskoots bygedra het. Dit blyk egter ook dat die bydraes van die familiehoofde en die van die 'res van die volk' omtrent dieselfde was en dat dus op daardie stadium reeds die kapitaalbesit opeengehoop het in die hande van 'n klein groepie mense. Dan was dit dus met die godsdienstige verval in die volgende jare geen wonder dat daar só baie armoede gekom het dat daar meer as genoeg verontregtes was wat as groep beswaar gemaak het en 'hard tot God geskreeu het'. Godsdienstige verval gee verval in die ware barmhartigheid wat dan hoogstens

‘humanitêre hulp’ word terwyl ware barmhartigheid van die menslike gewer aan die hemelse Gewer opgedra word om dan gelowig vir die arme gegee te word.

Hier eindig die gedenkskrif van Nehemia voorlopig om in hoofstuk 11 weer hervat te word.

Voorlees van die Wet deur Esra gee trane en vreugde 8 : 1 - 13.

Begin Oktober 444 het die volk van oor die lengte en breedte van die land in Jerusalem saamgekom. Dit was die sewende maand op die Joodse kalender en dus die groot feesmaand met die Nuwejaarsfees, die Groot Versoendag en die Loofhuttefees. Die mure was nou klaar gebou en Nehemia en Esra smee die yster terwyl dit warm is deur die positiewe eenheidsgevoel onder die volk te gebruik om ook ‘n geestelike eenheid te bewerk, deur die Wet van die HERE as algemene reël vir die lewe weer in te stel.

Hierdie keer kom die volk nie op die tempelplein saam nie maar daar naby op die plein voor die Waterpoort. Die volksvergadering vra soos een man dat die priester - wetgeleerde die Wet van Moses uit die tempel moet haal en daaruit moet voorlees. Esra doen dit en lees somer ses uur lank vir die aandagtig luisterende manne, vrouens en kinders wat dit kon verstaan, kinders ouer as dertien jaar. Om goed gehoor te kan word gaan Esra netsoos koning Salomo vanouds met die inwyding van die tempel (2 Kron

6:13) op 'n soort verhoog staan. Weerskante van hom is 'n sewetal (vlg 3 Esra 9) mans wat weens hulle posisie onder die volk of as priesters(?) nog meer gesag aan die voorlesing gegee het.

Die volk het met groot aandag geluister. Toe Esra die boekrol oopgerol het, het die volk uit eerbied opgestaan. Tot dusver het hulle volgens die Joodse gewoonte op hulle hurke gesit. Maar as die Woord van God geles word dan moet eerbiedig opgestaan word (selfs die Moabietiese koning Eglon het opgestaan toe Ehud vir hom gesê het dat hy 'n boodskap van God bring Rig 3:20). Deur op te staan bewys die volk dat hulle die Wet as openbaring van God aanvaar. Esra loof die Almagtige God nou en die hele gemeente antwoord met 'Amen, Amen' - dit is waar en seker. Terwyl hulle dit uitroep antwoord hulle eintlik ook met hulle liggaamshouding deur die tipies Oosterse gebedsbewegings uit te voer. Eers word die hande in 'n gebedsgebaar omhoog gehou en dan val hulle op hulle knieë, steek hulle arms vorentoe uit en laat die bolyf vorentoe beweeg totdat die voorkop die grond raak. Baie soos ons vandag die Moslems sien doen. 'n Groot verskil met die Moslems is dat nie na die tempel of 'n stad soos Mekka biddend gebuig word nie maar spesifiek gebuig word 'voor' die HERE, die HERE is aanbid met die gesig na die grond toe.

Esra het die Wet voorgeles in die oorspronklike Hebreeus maar omdat die meeste bannelinge baie meer tuis was in Aramees is dit daarin vertaal en dan is die gedeeltes deur

'n Leviet in kleiner groepe verklaar en verduidelik. In later eeue is in die sinagoges die verklarings van die Wet skriftelik in die Targoems vasgelê.

Die reaksie van die volk was egter op hierdie Nuwejaarsfeesdag wel anders as wat Esra en Nehemia verwag het. Die volk was so geweldig aangegryp deur die eise en dreigings van die Wet soos onder andere in Levitikus 26 en Deuteronomium 28 dat hulle kliphard gehuil het. Die leiers herinner die volk daaraan dat dit Nuwejaarsdag is en daarom juis nie die tyd vir roubeklag en tranes nie. Dit moet dan kragtens Lev 23:24 'n 'feesdag van herinnering' wees wat met die blaas op die ramshorings aangekondig word, 'n dag 'vol feesvreugde' Num 29:1. Nehemia sê dan ook heel gelowig-nugter dat hulle pleks van te treur juis feestelik moet op tree deur lekker vetterige (staan daar letterlik) kos te eet en soet (alkoholiese) drank te drink. Van die kos en wyn moet ook gegee word vir die armes wat nie luukse kos en drank kan bekostig nie maar voluit moet deel in die feesvreugde. Dit was nog altyd 'n mooi karaktertrek van die groot gasvryheid van Israel by die offerfeeste (vgl. 1 Sam 9:13 ; 2 Sam 6:19) maar daar kom by die oosterse sterk saamhorigheidsgevoel van as een lid ly dan ly al die lede. Saam moet hulle bly wees en in die jaar wat voorlê met blydskap die Here dien. Die wet dreig met die oordeel van God maar die redding lê in blye vertrouwe op God se genade. Of soos in die kantaantekeninge in die ou Statenbybel staan: 'die oorsaak wat God gee om bly te wees oor die weldade wat Hy nou en

in die verlede gegee het, moet u gewete vertroos en vir u goeie moed gee'. Die HERE neem deel aan die vreugde van die volk wat daarin hoopvol uitsien na nuwe seëninge want by die vreugde van die HERE is daar geen plek vir toorn nie. Daardie dag word dan ook met groot algehele vreugde afgesluit.

Die volgende dag was die familiehoofde, priesters en Leviëte by Esra om die inhoud van die Wet te bestudeer om dan beter leiding vir die volk te kan gee.

Die viering van die Huttefees 8 : 14 - 19.

Die Woord is vir ons 'n lamp vir ons voet soos die Psalmis dit sê maar om dit te kan wees moet ons eerstens die Woord ken. Die 'leiers' van die kerkvolk moet dus allereers in die Woord onderrig word en daarna kan hulle die volk daarin onderrig.

Terwyl hulle die Heilige Skrif bestudeer laat die Heilige Gees hulle insien dat die nuwejaarsfees op 'n bepaalde manier gevier moet word. Dwarsdeur die Bybel lees ons dat die gelowige op 'n ander manier as die ongelowiges leef. Juis in die vier van feeste en dan spesifiek die godsdienstige feeste is daardie verskil 'hemels'-breed. Die godsdienstige feeste van die heidene was gewoonlik 'n orgie van drankmisbruik en onsedelikheid. Dit was heel logies want om in 'n geestestrans te raak moes oormatig gedrink word en dwelmmiddels gebruik word om hallusinasies te kan kry en daarby het gekom dat dit nodig was om met die priesteresse of tempelprostitute seksuele omgang te hê om

die gode tevrede te stel of minstens te wys hoe om te sorg dat die landerye en vee vrugbaar kon wees. Die Babelafgodsdiens was tog veral 'n landbou-godsdiens. Om lyne na vandag deur te trek is nie juis so moeilik nie. Al sluit baie mense vandag nie openlik aan by een of ander afgodsdiens nie, is die dien van afgode soos Mammon (die geldafgod) of Baggus (die god van drank) of Eros (god van erotiek) of Afroditus (godin van 'liefde') en noem maar op, 'n heel populêre bedryf. Om nou lekker met die betrokke 'god' te kan 'kommunikeer' of 'gemeenskap' te hê help alkohol en dwelms of 'liefdesdrankies'. Daardie hulpmiddels bring die nuuskierige aanhanger in 'n trans en laat hom en haar dink dat hulle 'n blik in die 'hemel', die nuwe paradys kry.

Met hulle ondersoek van die Heilige Skrif kom die familiehoofde, priesters en Leviete weer af op die voorskrifte in Levitikus 23 : 34 - 44 oor die vier van die Loofhuttefees. Van die 15de tot die 21ste dag van die Nuwejaarsmaand moet die volk in loofhutte woon. Loofhutte is skuilings wat van takke met baie blare gemaak is (die woord 'loof' is juis 'n ou (?) woord wat blare beteken).

Entoesiasties word die hutte gebou. Die mense wat in 'n huis in Jerusalem gewoon het, het 'n hut op die dak of in die voorhof gebou. Die ander Jode wat op die platteland gebly het, het toestemming ontvang om hulle hut op die tempelplein of op die twee ander stadspleine te bou. Van die tyd van Josua, die opvolger van Moses, af is daar nie

weer op daardie manier die loofhuttefees gevier nie. Daar was wel 'n fees in die sewende maand gevier (Eks 23:16 ; Deut 16:13-15 ; Num 29 en Esra 3:3) maar nie met loofhutte nie en nie volgens die uitdruklike bepalings van Levitikus nie.

Opvallend is dat vers 18 uitdruklik sê dat net hulle wat uit die ballingskap gekom het in loofhutte gewoon het. Dit wys daarop dat die maatreël van Esra 9 in verband met die gemengde huwelikke groot gevolge gehad het. Die skeiding tussen Jode en vreemdelinge was dus minstens vir 'n tydjie baie streng gehandhaaf soos ons ook in Nehemia 9 : 2 duidelik sien. Eintlik dink ek dat die skeiding tussen Jode en nie-Jode vandag baie skerper en sterker is as in baie tydskoppe in die Ou Testamentiese tyd. Al die eeue deur het die Jode in die verstrooiing hulle geledere gesluit en traag gebly om nie-Jode toe te laat om van opneem nie eers te praat nie. Waar emigrante wêreldwyd na een of twee geslagte aangesluit het by die bevolking van die nuwe vaderland en deur die bestaande bevolking opgeneem is - dan hoef ons nie na Amerika of ander lande te kyk nie want in ons eie land is dit die geval by Nederlanders, Duitsers, Grieke, Portugese en baie ander en het byvoorbeeld die Afrikaners dit ook van die emigrante verwag Opvallend dat dieselfde Afrikaners vandag in die verstrooiing hard probeer om hulle eie identiteit te bewaar en nie wil opgeneem word in die nuwe vaderland nie....

Die Loofhuttefeesviering het baie groot blydskap gegee. Dit was trouens die 'grootste' fees vir Israel. In die

Talmoedtraktaat 'Sukka' wat oor die fees handel lees ons iets van hoe dit gevier is. Die deelnemers aan die tempeloptog het in die regterhand 'n palmtak gedra waardeurheen gevleg was 'n tak van die mirtestruik en van die wilgerboom. In die linkerhand is 'n suurlemoen gehou. Terwyl gedans en gespring is, het hulle agter die priesters aan reg rondom die brandofferaltaar gegaan en is die palmtak (die loelab) heen-en-weer geswaai terwyl 'hosanna' (= red ons tog) geroep is. Vir ses dae lank is dit eenkeer per dag gedoen en op die sewende dag sewe keer. Daardie dag het 'n priester met 'n kruik van goud een-en-'n halwe liter water uit die Siloamdiam geskep om deur die Waterpoort na die tempel te loop. Terwyl dan op trompette geblaas is het hy dit vir 'n ander priester gegee wat die water gemeng het met wyn van plengoffers en dit dan in 'n gat regs en 'n gat links van die altaar gegiet het. Ondertussen is natuurlik weer op die trompette geblaas en op ander musiekinstrumente gespeel terwyl die Levietekoor verskillende psalms gesing het. As ons hierdie prentjie in gedagte het dan is dit wat ons in Johannes 7 : 37 en 38 lees ook soveel duideliker. 'Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep :' As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei'.

Met verloop van tyd het na die ballingskap die eerste dag van die Loofhuttefees veral baie vrolik geword. In die aand het die feesgangers in die verligte voorhof van die vrouens

saamgekom waar die vooraanstaande mans en die priesters met 'n fakkel in die hand gedans het. Ons kan ons moeilik 'n beeld daarvan vorm want alleen die musiek al sou vir ons westerse ore 'n beproewing wees. Daar was nog geen harmonie in musiek nie en dus 'n kakafonie van harde deurmekaar klanke. Iets daarvan hoor ons vandag in allerlei 'eksperimentele' geraas wat musiek genoem word en as dit dan vanuit 'n 'taxi' oor onvoorstelbaar harde klankgolwe oor ons spoel gee dit ons 'n idee. Daarby het dan die gejuig van die skares gekom en dit het alles tot die dagbreek se hanegekraai aangehou.

In navolging van die voorskrif in Deut 31 : 10 - 13 is elke dag 'n gedeelte uit die Wetboek van God voorgelees. Op die agste dag is die fees afgesluit met 'n 'feesvergadering', 'n spesiale samekoms in die heiligdom soos in Lev 23 : 36 voorgeskryf was en waarop niemand sy daaglikse werk mag doen nie.

DIE GROOT VAS- EN BIDDAG 9 : 1 - 37

Juis ook op die gebied van geloofsbeoefening en geloofsbeleving is daar 'n tyd vir alles. 'n Regte tyd wat van pas is. In ons tyd van geweldige veranderings wat ook op die kerklike terrein gekom het, word so dikwels verandering-terwille-van-verandering afgeforseer. Dit word met allerlei argumente verkoop soos 'as ons nie aanpas dan het die kerk geen toekoms nie'... is geloof dan van mense en uiterlikhede afhanklik? Veral die toekoms van die Kerk kan ons tog seker maar in die Hande van die Koning

van die Kerk oorlaat...? Ons sien trouens in die praktyk van byvoorbeeld Europa dat die 'kerke' wat so aangepas het met die liturgie en leer al hoe verder agteruit gegaan het terwyl die Woordgetroue kerke nog lewend is.

In 8 : 10 het ons gelees dat die hele gemeente hardop gehuil het toe hulle die Wet van die HERE gehoor het en besef het hoe skuldig hulle teenoor die HERE gestaan het. Maar dit was glad nie die regte tyd om te treur en te rou nie. Dit was nuwejaarsdag en dit moes spesifiek 'n feesdag wees. Dieselfde het gegeld vir die volgende dae waarop die Loofhuttefees gevier moes word, 'n fees van feestelik blye dankbaarheid. Tussen die twee feeste in moes die Groot Versoendag gevier word maar dit is nie gedoen nie want die vreugde oor die herbou van die mure moes oorheers. Dit was bepaald nie die regte tyd vir boetedoen nie. Aan die einde van die fees op die 22ste van die maand is die 'feesvergadering' in die heiligdom gehou met verheerliking van God en is nog 'n dag gebruik wat as skeiding tussen die feestelike luiddrugtigheid en die ootmoedige boetedoening gedien het.

Wanneer ons terugkyk na die werk van die HERE in ons eie lewens dan is die opvallendste die groot genadegeskenke wat die HERE ons gegee het terwyl ons absoluut niks daarvan verdien het nie. Natuurlik is dit by die mens wat terugdink na die verlede heel waarskynlik so dat hy die swaar en moeilike en onaangename makliker vergeet as die positiewe, die mooi en goeie. Niemand van ons kan selfs met die noodsaaklike tydsverloop werklik neutraal en

onbevange na 'n gebeurtenis in sy eie lewe terugkyk nie. Ons versag of romantiseer, verklein of vergroot gebeure en op daardie manier kan ons makliker daarmee saamleef of daarna terugverlang. Maar ongeag of ons die genadegawes van die HERE of Sy gee van beproewings raaksien, beide gee gewoonlik die nodige aansporing om tot diepe verootmoediging voor God te kom. Dit is so dat die wet ons die sonde leer ken maar dit is ook waar dat in die stralende lig van God se liefde my oë oopgaan vir my eie skuld en sonde. Dit gebeur veral so sterk as ek my indink om saam met die gelowiges aan die voet van die kruis op Golgota te staan, daar waar my Verlosser die dieptepunt van Sy 33-jarige lyding vir my moes deurmaak.

Op hierdie boetedag, dag van vas en rou in die dae van Esra en Nehemia het dit ook so gebeur. Die luister na die Woord van die HERE in die wet, die terugdink aan die genade wat die HERE die getroue Verbondsgod deur die eeue gegee het, die moontlikheid om die mure te kon herbou nadat uit die slawerny in die vyand se land teruggekom is, die heerlike feesvierings van die afgelope dae - dit alles maak die harte oop vir verootmoediging.

Die volk het rouklere gedra, 'n stuk grof geweefde materiaal van bok- of kameelhaar wat gewoonlik netso op die lyf gedra is - iemand wat maklik allergies is of 'n teer vel het kan hom of haar indink hoe afgrysig ongemaklik die gejeuk was en dit was bepaald ook nie koel nie. Op die kop is grond gestrooi. Dit was 'n sigbare belydenis van skuld waardeur die boetelinge hulle soveel moontlik gelyk

gemaak het met die dooies en daarmee betuig het dat hulle dood is deur die misdade en sondes vgl Ef 2 : 1. Op hierdie boetedag word vir die allereerste keer 'n skerp skeiding gemaak tussen Jood en nie-Jood, uitlanders, nie-Israeliete. In hierdie geval is dit omdat die nie-Israeliete tog nie skuldbelydenis kan doen oor die sondes van hulle wat nie hulle voorvaders was nie. Israel het per slot van rekening 'n eie geskiedenis en daarom moet die boetedoening ook sy eie karakter dra. (In ons omstandighede was dit nog altyd 'n teer onderwerp of immigrante wat aangesluit het by die Afrikanervolk wel Geloftedag kon vier..)

'n Halwe dag lank duur die volksvergadering. So'n drie uur lank word gedeeltes uit die wetboek van die HERE geles en waarskynlik soos met die samekoms by die Waterpoort het Esra die wet geles in die oorspronklike Hebreeus en is dit deur die Leviëte in Aramees vertaal en ook verduidelik. Die volk se daaglikse gebruikstaal het Aramees geword en baie kon nie meer Hebreeus verstaan nie. In die tyd van Jesus op aarde was die daaglikse gebruikstaal ook Aramees en vir die modernes seker ook Latyn, die taal van die baas, die Romeine. (Ek het die indruk dat vandag se Jode-in-die-diaspora baie sterker Joods is ook in hulle taalgebruik - soos die geval dikwels is met ons 'inheemse' volke gebruik die Jode ook graag hulle eie taal, die 'Jiddies', wanneer iets nie vir ons ore bestem is nie.)

Baie mooi is die rol wat die Leviëte ook weer op hierdie vas-en-biddag speel. Hulle onderrig die volk, mens sou amper

sê 'katkiseer', verrig in getrouheid hulle roepingsdiens, kry met die bestudering van die geopenbaarde wil van God in die wet 'n dieper insig en kennis en kan daarom wys op dit wat in die verlede nagelaat is. Die Woord is oopgerol want daarsonder kan geen belydenis en skuldbelydenis ooit volledig wees nie. Alleen in die Woord kan ons God reg leer ken en daardeur ook verstaan wat die Bron van ons krag is en die sondetoestand van onself. Die Leviëte is nou openlik die mond van die vergadering in die skuldbelydenis. Opvallend is dat ons hier 'n soort 'formuliergebed' hoor. 'n Gebed deur die werking van die Heilige Gees en juis deur die Heilige Gees waardig geag om in die Woord van God opgeneem te word. Wat uitstaan is onder andere die deeglike opbou van die gebed. Dit is nie maar net 'n spontane uiting van allerlei gevoelens nie maar 'n gevoelvol-nugtere belydenis en skuld-belydenis wat gedra word deur eerbied en lofprijsing van die alleen Heilige Verbondsgod wat Hom altyddeur met Sy uitverkore volk bemoei het.

Die Leviëte begin met die lofprijsing. Inderdaad kan geen mens wat kind van God is na Hom toe gaan sonder om Hom te loof, groot te maak, te eer en dan ook met die erkenning dat Hy deur my so ontsettend onteer is, in Sy heiligheid aangetas is maar as God genadig en barmhartig is. "As U o, HEER, die sonde/ na reg wou gadeslaan,/ wie sou een enk'le stonde (= oomblik)/ voor U, o HEER, bestaan? / Maar nee, daar is vergewing/ altyd by U gewees;/ daarom word U met bewing/ reg kinderlik gevrees.' Ps 130:2 (berymd). Dawid

het dit ook gevoel toe hy bely het :’ Teen U het ek my sondedaad begaan/ ja, voor U oog deur swaar misdryf gesondig;/ dus sal U woord regverdig bly bestaan,/ en rein U vonnis, oor my afgekondig. Ps 51:2b (berymd).

Die Leviete roep met harde stem die HERE hulle God aan ‘om hulp’ (so die NV maar is dit nie ‘n bietjie te beperk nie? In elk geval staan dit nie daar nie en is dit ‘n verklarende invoeging). Die ondersoek van die Heilige Skrif het die volk ontvanklik gemaak vir die gebed wat namens en dus in naam van al die gelowiges deur die Leviete gebid word. Eers antwoord die volk egter met vers 5 waarin die HERE geprys word en bely word dat Hy altyd geloof moet word al is die mens nie eers in staat om die heerlikheid van die HERE na regte volledig uit te druk nie.

Na die lofprysing volg ‘n uitvoerige oorsig oor die geskiedenis wat die Geskiedenis-maker gegee het. Ons kry dit onder andere ook in Psalm 105, Daniël 9, Hand 7.

God word geprys as die Skepper en Onderhouer, die ‘Ek Is’ vs 5-7. Die HERE word erken as die getroue Verbondsgod van die uitverkiesing Wat Abraham geroep het en Sy beloftes hou vs 7,8. Hy is die Verlosser en Oorwinnaar oor die vyande Wat Sy volk uit die slawehuis van Egipte bevry het.

Maar dit alles gee die volk ook verantwoordelikhede ! God het hulle Sy wet gegee daar by die Sinaï. Hulle moes dit in gehoorsaamheid uitleef. Die HERE het hulle versorg na liggaam en gees. Geestelike seënninge en alles wat nodig

was vir die liggaam: kos uit die hemel en klere en skoene wat vir 40 jaar lank nie geslyt het nie.

En dan die o-so bekende MAAR..... Maar ons voorvaders was vermetel, hulle koppe was hard..(Opmerking: in die OV staan 'vaders' in die moderne vertalings 'voorvaders' of 'voorgeslagte'. Die begrip 'vaders' sluit al die voorgeslagte in én jou onmiddellike voorgangers wat jousef tog wel direkter by die sondige optrede betrek. Verder skep die benaming 'voorvaders' in ons land- en taalkonteks ander indrukke as wat vir die Israeliete bestaan het.) Maar ... die Israeliete het presies dieselfde gedoen as die Egiptenare in vs 10 deur vermetel en hardkoppig te wees en nie alleen nie te luister na die gebooie van God nie maar ook om geen aandag te gee aan God se wonders nie en waarlik 'n leier aan te wys om hulle terug te bring na die slawerny in Egipte.

Maar weer 'n 'Maar' nou egter positief , hoe ongelooflik ook al dat dit positief kan wees maar dit gaan nou nie oor die medemenslike nie maar oor God en dan sal dit tog positief wees. Die genade van God is sterker as die mens se sonde. Daar word so maklik gekom met allerlei hoogdrawende onsin oor die onbelangrikheid van die Ou Testament - met dan 'n paar uitsonderings soos ten opsigte van die Psalms - en die God van die Ou Testament wat 'n harde ongenaakbare bloeddorstige tiran of diktator sou wees en totaal 'n ander God as die God van die Nuwe Testament wat dan net 'liefde' sou wees en as daar dan van Drie-eenheid sprake sou kan wees dan word die Vader heelwat

onderbeklemtoon en 'lieuwe Jesus' in vergelyking geweldig oorbelig en oorbeklemtoon en kry die Heilige Gees ook 'n redelik belangrike plek om meer lewe in die geloofsbelewing te kan pomp. 'n Armsalige vervlakking van die onbeskryflike heiligheid en heerlikheid en hoogheid van ons Drie-enige God Wie se wonderlike Goddelike eienskappe en openbarings in die volledige Woord deur ons nooit volledig beskryf en nog minder volledig verstaan kan word nie. In vs 17 kry ons dan nie minder nie as VYF verskillende aanduidings van God se wonderlike VERGEWENDE SONDAARSLIEFDE : 'Maar U is 'n God van vergewing, genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid (vol liefde) en U het hulle nie verlaat nie'. Na al die sondes wat onder die vermetelheid en hardkoppigheid begaan is, is God se liefde nog sterker beproef met die maak en aanbiddende dien van die goue kalf. In Sy groot barmhartigheid het die HERE Sy ongehoorsame opstandige volk, hulle vaders, nie in die woestyn agtergelaat nie maar hulle verder gelei. Hulle straf was die veertig jaar in die barre woestyn maar Hy het hulle daardeur gelei. Hy het voor en agter hulle gegaan in die wolkkolom en die vuurkolom en 'U goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig' vgl Num 11: 25-29. Die HERE het hulle ook wat kos en klere betref alles gegee wat nodig was.

In vs 22-25 word breedvoerig uitgespel dat die HERE Sy belofte aan vader Abraham gehou het met die gee van die Beloofde land deur die verslaan van die Kanaänitiese volke. In hierdie roerende gebed word die geskiedenis deur die bril van die geloof

gesien, die werk van die Maker van die geskiedenis. Die Heilige Gees laat die taal van die geloof in die gebed hoor, laat die regte lig val op verlede, hede en toekoms. Deur die ‘grote goedheid’ van God kon Israel na hartelus eet en drink en vet word (al is dit nou nie juis ‘polities korrek’ vir die blankes nie is dit tog juis vir die swart mense en dan veral die vrouens ‘n begeerlike voorkoms om uiterlik ‘n baie duidelike omvangryke stempel af te druk. Watter ryke verskeidenheid in kulturele verskille in ons land.)

Maar ... ongehoorsame opstandigheid was weereens die volgende. In sy afskeidslied net voor sy dood het Moses in opdrag van God ook gesing oor die weldade van God wat Jesurun – ‘n erenaam vir Israel wat die ‘opregte’ beteken – vet laat word het. ‘Toe het Jesurun vet geword en agteropgeskop – jy het vet geword, dik geword, spekvet geword – en hy het God verwerp wat hom gemaak het en die steenrots van sy heil geminag’. Deut 32 : 15

Die Rigtertyd het aangebreek en elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë, die wet van God is agter hulle rug weggewerp, die profete wat tot bekering opgeroep het is vermoor – dit slaan wel op die tyd na die Rigters, die tyd van die konings vgl 1 Kon 18:4 ; 19:10 ; 2 Kron 24:20 ; Jer 26:20-23). Voorspoed wat al die eeue deur so maklik tot verval pleks van dankbaarheid lei. Die HERE het die volk gestraf deur hulle oor te gee in die mag van wrede vyande, die volk het dan weer tot God geskree en gesmeek “U het uit die hemel gehoor, hulle gebed verhoor. In U groot barmhartigheid het U aan hulle redders gegee en die het hulle gered uit die mag van hulle teëstanders’. En so het dit keer op keer gegaan : sonde – ellende – gebed – redding deur die werk van weer ‘n Rigter wat God gegee het en die kringloop het maar weer begin. Hoe genadig is en bly God. Die wet, die bepalings wat die HERE gee, gee die waaragtige lewe maar in hardkoppige eiesinnigheid bly die mens opstandig.

Dan kom na baie-baie jare die ramp van die ballingskap, die onderwerping deur die wêreldmagte in die jare 722 vir Israel en 586 vir Juda. Tog

vernietig God nie Sy ontroue verbondsvolk nie, ‘n oorblyfsel bewaar Hy in Sy onuitputlike genadige liefde. ‘U is ‘n genadige en barmhartige God’.

Onder leiding van die biddende Esra en die Leviëte word in die lig van die Heilige Skrif die geskiedenis van God se volk gesien, ‘n geskiedenis wat bewys hoe barmhartig en vergewend die Here HERE is.

Nou word biddend by God gepleit dat Hy die ‘grote God, magtig en ontsagwekkend, wat die verbond en die goedertierenheid hou’ tog die swaar gewig van die ellende van die tyd van die Assiriërs af tot nou toe wil raaksien. Ontroerend hierdie beroep op God en die kinderlike belydenis dat die straf verdiend was. In alles wat oor hulle gekom het was God regverdig en hulle goddeloos.

Hoe skrypend is die gevolg van al die gedurige ongehoorsaamheid – land en besittings en vee en eie lewe is alles onder die beheer van die oorheersers, self het hulle slawe in hulle eie land geword.

Dit alles as gevolg van eie skuld. Die eie verantwoordelikheid word sonder enige verskonings openlik erken en bely. Die oordeel daarvoor word as regverdig erken en daarby word die onuitputlike barmhartigheid en genade van God verkondig. Die hele gees van die gebed op hierdie bid- en vasdag is een van ootmoed, van afstandneem van die kwaad en van skuldbelydenis en geloofsbelydenis.

Die gebed eindig met ‘n snikkende ‘ons verkeer in groot nood!!’ In min woorde word alles gesê. Kort en kragtig. Tranebrood. Hoe roerend die optrede van die klein volkie wat sug en beef onder die knopkierie van die magtige oorheersers maar ‘met ‘n groot stem’, met harde geroep die HERE aanroep vir hulp en genade want hulle weet dat hulle duurgekoop is as uitverkore oorblyfsel.

Ons is nog duurder gekoop met die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus en weet dat ondanks al ons sondes wat ons berouvol bely, ons die kinders van God is en bly. Dit is inderdaad so dat ons toekoms in ons land

duister is waar die valse ‘kerke’ met die onchristelike en al hoe meer anti-christelike owerheid saamspan. Dit sal al hoe meer word soos ons bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis art 37 dat ons saak ‘wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word’ werklik nie alleen belaglik gemaak word in gedrukte en beeldmedia nie maar ook vervolgingswaardig ge-ag sal word. Ook wat dit betref is daar soos Salomo gesê het ‘niks nuuts onder die son nie’ en het Jesus Christus ons geen hemel op aarde beloof nie maar vervolging.

VERBONDSVERNUWING 9 : 38 – 10 : 39

Die volk het in navolging van die lees van die Woord van die HERE al twee feeste gehou en ‘n plegtige dag van verootmoediging en nou word die hele geloofsbelewing ook skriftelik en amptelik vasgelê. Die verbond met die HERE word openlik en amptelik hernu.

Ware belydenis van skuld herstel nie alleen die band met God nie maar ook die onderlinge band. Die volksleiers, die Leviete en die priesters onderteken die verseelde dokument. Maar dit bly nie daarby nie want van vers 28 af word spesifiek genoem dat letterlik almal van die volk hulle mondelinge instemming met die handtekening van die ondertekenaars bevestig het. Almal wat hulle afgeskei het van die heidene in die omgewing het tot hierdie plegtige verbond toegetree. Die hele volk lê openlik die dure eed af om die wet van God te hou.

Die wet van die HERE wat Hy vir Moses gegee het sluit bepalinge in wat na geval van aktuele omstandighede soms meer van belang op een tydstip en van minder aktuele belang op ‘n ander tydstip is. So word hier ‘n paar bepalinge spesifiek genoem, bepalinge waarvoor daar in daardie dae verskil van mening en vrae oor die praktiese uitvoering was. Allereers die verbod

van huwelikke met heidene (vgl. Esra 9 ; Neh 13 : 23 – 31). Esra het al sterk daarteen ingegaan en dit het hom die woede en teëwerking van die ‘elite’ die ‘aristokrasie’ en ryk mense op die hals gehaal. Dit is dan juis hulle wat sterk en lewendige betalende bande met die heidense bevolking gehad het, soos bv. Tobia. Soos Esra handhaaf Nehemia ook die bepalings van Eks 34 : 16 en Deut. 7 : 3 dat geen huwelik met die kinders van die bevolking aangegaan mag word nie. Die volk beloof om die wet in hierdie gevalle te handhaaf. Opvallend is wel dat glad nie drasties opgetree word met bv. die wegstuur van vrouens en kinders soos 14 jaar eerder by Esra nie.

Die tweede gaan oor die heiliging van die Sabbat en godsdienstige feesdae wanneer die heidene gekom het om handelware en graan te verkoop. Die lyn word ook deurgetrek na die sabbatsjaar toe wanneer die lande braak moet bly lê, moet rus, en dat die rykes in daardie jaar wat dus elke sewe jaar plaasvind, die skulde van geloofsgenote moet afskryf. Natuurlik het in die deur sonde gebroke volkslewe van die praktiese uitvoering daarvan nie veel tereggekome nie en moes die profete gedurig tot bekering oproep en die verontregting van armes en weduwees en wese aan die kaak stel.

Die kerkvolk bly egter nie stilstaan by die onderneming om die wette van die HERE inderdaad in die praktyk uit te leef nie maar gaan verder deur uit eie inisiatief verdere ondernemings te gee in verband met die heel praktiese godsdienstige beleving. Formeel was daar geen tekswoorde wat hulle opgedra het om so te werk nie maar dit was wel in ooreenstemming met die gees waarin die wet gelees en ge-eer is. Die diens van die HERE, die eer van die HERE was die beheersende soos ook in die laaste vers getuig is ‘Ons sal die huis van ons God nie verwaarloos nie’.

Nou lyk dit op die eerste gesig dat vers 32 se onderneming om ‘een derde van ‘n sikkels’ jaarliks by te dra vir dienswerk in die huis van God teenstrydig is met die bepaling in Eks 30 : 13 dat ‘n halwe sikkels as

persoonlike belasting vir onderhoud van die erediens gegee moet word. Dit is egter nie een van die sogenaamde ‘teenstrydighede’ of ‘foute’ in die Bybel nie want die Persiese sikkkel wat in Nehemia se tyd in gebruik was, was die helfte swaarder as die vroeëre Israelse sikkkel.

Die aanvaarding van verantwoordelikhede vir die erediens was ‘n baie groot stap in ‘n bange en ekonomies baie swak en onsekere tyd. In die verlede het die koningshuis vir die versorging van die erediens gesorg en die latere tyd is dit deur die Persiese koningshuis ‘geborg’ soos ons in Esra 6 : 9 lees. Nou neem die kerkvolk dit vir hulle rekening. Opvallend is ook die gevolge van onoordeelkundige gebruik van die natuur wat ook maar al die eeue deur plaasvind. Die ontbossing deur die gedurige oorloë en vir gebruik as brandhout vir huisgebruik en natuurlik offergebruik het tot gevolg dat die Gibeoniete (Jos 9 : 27) nie meer goed genoeg hout vir die voortdurende offer kon lewer nie. In die wet is daar geen reëling vir die verskaffing van altaarhout nie. Dit word nou deur loting volgens toerbeurt onder al die families gereël. Die eersteling van alle oeste en ten opsigte van eersgeborenes moet volgens die wet na die tempel gebring word en dit word weer gereël asook die onderhoud vir priesters en Leviete. Die priesters moes die eersteling van deeg en vrugte, olie en wyn ontvang terwyl die Leviete die tiendes van die landbouprodukte moes kry (Num 18 : 21-24). Dit lyk egter asof die tiendes maar baie stadig na die tempel gebring is en daarom is gereël dat die Leviete nie wag totdat dit druppelgewys inkom nie maar dat hulleself dit gaan invorder maar dan in teenwoordigheid van ‘n priester wat op hulle beurt hulle tiende van die tiendes moes kry.

Dat alles in hierdie geval so punktuëel uiteengesit en besluit is was seker aan die een kant om regssekerheid te kry sodat onsekerheid en gestry oor wie wat moet doen en hoeveel gegee en gedoen moet word, die ordelike gang in die huis van die HERE nie kan versteur nie. Aan die ander kant is

dit ‘n pragtige getuienis dat alles gedoen kan word en maklik lyk as daar eensgesindheid is in die gemeenskap van die heiliges en die enigste beweegrede is om God te dien en te eer in die grootmaak van Sy Naam. En dit is iets wat alle eeue deur nooit verander het of sal kan verander nie.

Hoe mooi is die slotsin van die plegtige ooreenkoms ‘want ons wou die huis van ons God nie laat verwaarloos nie’.

Natuurlik eis dit groot versigtigheid en terughoudendheid om te probeer om alles wat in hierdie hoofstuk staan – van die huwelikke met ongelowiges tot die onderhoud van die erediens ensovoorts – sommer netso oor te dra op die kerklike situasie vandag. Skrikwekkend is vandag die gebruik van die Heilige Skrif om ‘n teks op-die-klank-af uit sy Godgegewe verband uit te ruk en as kapstok vir ‘n ‘boodskappie’ te gryp. Die Woord van God gee geen ‘boodskappies’ nie maar Godsopenbaring. Ons moet ook oppas teen verheerliking van dooie goed. Terwyl ek skryf hoor ek dat die Pous op die plek waar die Wêreldhandelssentrum gestaan het - wat in die terrorisme van 7/11 met die lewensverlies van alles saam amper 3000 mense vernietig is - ‘n mis bedien het en ‘heilige water’ daar gesprinkel het. Al het ek groot respek vir baie van Rome se Bybelgebruik en Bybelbehoud is daar talle bygelowige onsin wat hulle bly handhaaf en waarmee die gewone lidmate betower word. Ondanks allerlei ekumeniese toenaderings bly hulle leer in baie opsigte ‘n ‘vervloekte afgodery’. Ons bely dit in ons belydenisgeskrifte netsoos ons die noodsaak van die kinderdoop en die kettery van die Doperse rigtings bely – maar dit word al hoe meer vergeet en dooie woorde wat stof versamel soos die die Leerrëels van Dordt wat blykbaar ver-Dor(d) raak.

NUWE INWONERS VAN JERUSALEM 11 : 1 – 36

Die mure van die stad Jerusalem is herbou en daar is ook met die herbou van die huise begin. ‘n Groot probleem was egter dat min van die oud-

ballinge in die stad wou woon (Esra 2 : 70) waar op daardie tydstip geen oorvloed werksgeleenthede was nie. Op die platteland kon tenminste landbou beoefen word wat dus kos kon voorsien. As ons dan ook nog in Neh 7 : 4 gewys word op die nypende tekort aan inwoners sodat doeltreffende verdediging teen vyande nie haalbaar was nie, dan is dit logies dat Nehemia gebruik maak van 'n bekende metode om met min of meer dwang verskuiwings toe te pas. In die ou tyd was dit gedoen en in die moderne tyd ook. In die jonger verlede het Hitler geweldige volksverskuiwings met bloedige dwang uitgevoer, 'n paar dekades gelede is dieselfde in Kambodja gedoen en is 'n sesmiljoen van die middelklas en intelligentsia in die aarde ingeploeg, net daarvoor het die geel gevaar Sjina met sy 'kulturele rewolusie' miljoene mense in die rooi-bloed-kultuur laat verdrink en van die ondermaanse laat verwyder. In ons land word tot in den treure gewys op verskuiwings onder die 'groepsgebiede' wetgewing wat ook sy kwota van menslike hartseer opgelewer het maar dan tog nie met georganiseerde bloedvergieting nie. Vandag is daar ook nog onder die sogenaamde 'demokratiese' regime gedwonge herverskuiwings en verskuiwings maar dan van mense wat onregmatig gebiede beset het. Deur die huidige regime is wetteloosheid verkondig as evangelie en nou oes hulle wat gesaai is. Hoe tragies vir die eenvoudige plattelanders wat bou op holklinkende leë beloftes van politici en na die stede stroom om hulle huise te ontvang... en in krotbuurte kreppeer van ellende. Die brutales onder hulle hèt die 'helfte' en die ánder deel gryp hulle in elk geval.

Vergelyk dit alles nou met die gelowige optrede van Nehemia wat geen ander keuse het as om die heilige stad mét die huis van God te bevolk om sodoende dit teen vyande te kan verdedig. Van die leiersfigure en ander het hulle vrywillig in die stad kom vestig en dit is met groot blydschap deur die gemeentevergadering geprys. Verder is besluit dat tien persent van die bevolking in Jerusalem moet woon en hulle is deur die lot aangewys wat

natuurlik met aanroeping van die Naam van die HERE gedoen is. Dus sagte dwang wat geheilig is deur die geloof. Al is dit van geen beginselwaarde nie kan opgelet word dat dit in elk geval maar oor 'n betreklik klein getal mense gegaan het, ons tel nie meer as 'n 4500 mans nie. Eentiende van die bevolking in die stad gee 'n redelike bevolkingsverdeling solank handel en nywerheid in die stad blom.

Ons moet nou egter nie te maklik met ons 'nugtere' westerse oë na die dwang met die herbevolking van Jerusalem kyk nie. Vir die tien persent was dit in die algemeen 'n geweldige beproewing om in die stad te moet woon. 'n Geestelike en liggaamlike beproewing. Vir baie van ons is dit met 'n gevoel van verlangende heimwee wanneer ons by die blyplek- van- lankal van onself of ons ouers of voorouers kom. Dieselfde gevoel van verbondenheid wat ek voel wanneer ek by die graf van my vrou, kind of ouers en voorvaders staan. 'n Gevoel wat baie mense het. Maar dit is nog onvergelykbaar sterker by die boere onder ons wat met die grond geworstel het en dit vertroetel het om sy lewegewende opbrings te lewer. As daardie grond noodgedwonge verkoop moes word dan bly 'n deel van sy hart daarin. En al daardie emosies het die gelowige Israeliet nog sterker beleef want hy het die grond as erfdeel van die God van Israel ontvang as blywende erfdeel en dit nou na al die ballingskap- ellende weer in besitgeneem. Nou moes hy sy erfdeel en wynstok en vyeboom en bure weer agterlaat En dit om in 'n verwoeste stad sonder huise te gaan bly....watter geloofsdaad om dit te doen!! As ek dan my gedagtes laat gaan dan kan ek nie dankbaar genoeg wees om in ons eeu te leef. Weens gesondheid kan ek geen skerp lig verdra nie – hoe sou dit my tot raserny dryf om die veelgeroemde blink van die tempel te moet verdra... my reuksintuie is by tye abnormaal skerp – watter 'hemel'skreiende beproewing sou dit vir my wees om in Jerusalem te woon waar die bloed van talle slagoffers elke dag deur die strate gevloei het, op godsdienstige

feesdae in strome en ondertussen dag na dag die reuk van verbrande vleis... Ons kan God nie genoeg bid vir die kry van perspektief nie want dan loop ons beker van danksegging oor. Met genoeg redes kan oor ons veiligheidssituasie en korrupsie en magsmisbruik gekla word. Moet egter nie sê dat die verlede soveel beter was nie. Van die moord op Abel af was daar misdaad en onreg en regsverkragting. Soms minder soms erger. In die Rigtertyd het elkeen gedoen soos wat reg was in sy eie oë, die reg verdraai soos hy lus was, die Psalmis kla saam met die profete oor omkoperij, verontregting en uitbuiting van weduwees en wese en elkeen wat die maatskaplik swakkere was, regters was korrup, handelaars gebruik valse mate, en wat sien die Spreukedigter of Prediker? Wat al die skandelike regsverkragting betref is daar ook nog niks nuut onder die son nie.

In die lys van inwoners van die stad sien ons natuurlik die stam van Juda en Benjamin, verder 'n 1200 priesters maar as ons oplet dat Esra 2 'n 4300 tel dan het baie priesters op die platteland bly woon. Leviete was ook maar min as ons die getal 284 lees maar wanneer ons in gedagte hou dat maar net 74 saam met Serubbabel teruggekome het en dat Esra met groot gesukkel slegs 42 Leviete kon saam laat trek dan was daar 'n pragtige verbetering.

Interessant is dat die werk van die Leviete nou 'n karakterverruiming ondergaan het. Die klem lê hier nou op hulle werk in die onmiddellike omgewing van die tempel en veral op die versorging van die tempelmusiek en tempelsang. Daar was ook 'n koninklike besluit dat die onderhoud van die tempelsangers uit die belastings moes kom. Luteyn maak die tong in die kies opmerking : 'sou daar in hierdie nugtere mededelings ook aanwysings kan lê vir 'n betere vergoeding van ons huidige 'leviete' die orreliste?'

Die hoofstuk word afgesluit met 'n gedeeltelike opsomming van plekke waar buitekant Jerusalem Jode gewoon het.

**LYS VAN PRIESTERS EN LEVIETE EN DIE INWYDING VAN
DIE MURE VAN JERUSALEM 12 : 1 - 47**

In die eerste 26 verse van hierdie hoofstuk ontvang ons twee lyste van priesters en Leviete.

Priesters en Leviete het behalwe in die stad oor die hele land verspreid gewoon. Die feestelike ingebruikneming van die mure het ook 'n sterk godsdienstige betekenis gehad. In teenstelling met die ingebruikneming van byvoorbeeld dooie kerkgeboue in ons tyd was die 'inwyding' van die mure 'n ware religieuse inwyding. Vanoor die hele land is die Leviete opgespoor en vir die inwyding na Jerusalem toe gebring. Hulle hoofsaak was nou nie meer om helpers van die priesters te wees nie maar om tot eer van God die gewyde musiek en sang te reël. By die musiek het dit veral gegaan oor 'n harde deurdringende geluid.

Omdat die hele fees 'n godsdienstige betekenis gehad het moes sowel die priesters as die Leviete hulleself reinig om kulties rein te wees en om almal in die volk wat aan die fees wou deelneem ook te kan reinig. Die reiniging sou wel grootliks wees soos in Num 8 : 5 – 22 gegee is. Hulle het daarna vir die volk offers gebring en hulle besprinkel met offerbloed. Moontlik is die poorte en die muur ook met offerbloed besprinkel maar dit staan nie daar nie en daarom is dit netso moontlik dat die rondgaan van die optogte met die kore en musikante juis deel van die reinigingsrite was. Beide optogte het in die tempel saamgekom en daar het die fees sy hoogtepunt gekry in koorsang en musiek. Baie offers is gebring en die offermaaltye wat daarby behoort het die vreugde verhoog. Uitbundig is die vreugde – in vers 43 word in die Hebreeus selfs vyf keer die woord vreugde gebruik. Groot en klein, mans en vrouens het almal saam alle eer aan God gebring.

Alle eer aan God! Dit sien ons ook so mooi duidelik in die optrede van Nehemia en Esra. Sonder hulle groot en baie gevaarlike werk dwarsteen

alle vyandige teenstand in, sou die stad en tempel nie herbou wees nie. In ons tyd sou hulle alle mediadekking ontvang en 'n medalje plus oorkondes. Maar hulle twee gee alle eer aan God soos Nehemia dit so wonderlik kernagtig stel 'God het hulle groot blydschap gegee'. Esra en Nehemia bly kinderlik gelowig absoluut op die agtergrond. Middelpunt en bron van vreugde is God. Vir Hom die offers, vir Hom gebede en lofprysing.

Met die godsdienstige inwyding van die muur wat reg rondom die heilige stad van God, met sy huis van God daarbinne, gelê het, is die hele stad en sy gereinigde inwoners aan God gewy. Dit beklemtoon weer dat die hele lewe godsdiens is en moet wees – 'godsdiens' = diens aan God, in alles wat ons doen en laat. Daar is baie en ryk raakpunte tussen die inwyding van die tempel en die Paasfeesviering soos ons in Esra 6 : 15 – 22 lees en die inwyding van die stadsmure. Watter geweldige en indrukwekkende seremonie waar hier die hele bevolking aan deel neem.

Die vreugde van die gelowiges het egter ook in praktiese dade uitgemond. Daar moet gesorg word dat die vreugde nie versuur en die onderhoud van die erediens weer verwaarloos word sodat die priesters en Leviete weer ander werk moet gaan soek en die gevaar ontstaan dat soos in die tyd van Jerobeam valse 'kerke' ontstaan waar 'n menggodsdiens met afgodediens-elemente beoefen word. Daarom word die onderhoud vir priesters en Leviete gereël. In die Nuwe vertaling lees ons 'die priesters en Leviete wat diens gedoen het, het voordeel getrek uit die blydschap van Juda'. Dit lyk my na 'n klemverskuiwing. In die OV en ander lees ons 'want Juda was bly oor die priesters en Leviete wat in die diens gestaan het'. Die uitbundige gelowige blydschap het dan ook juis dankbaarheid gegee oor die dienaars van God wat God gegee het. In lyn daarmee is ook die opmerking van Luteyn ; 'Uit hierdie baie praktiese boek kan ons geweldig baie leer vir ons kerklike lewe vandag. Waar liefde vir die saak van die Here is gaan alles vanself en is daar geen bakleiery oor geld nie. Maar wanneer die

belangstelling wegkwyn, word altyd eerste op die kerklike bydrae ‘bespaar’.

‘APARTHEID’ AS GODGEGEWE OPDRAG 13 : 1 – 9.

In ons tyd van kunsmatige ‘demokrasie’ en ‘menseregte’ en die oeroue ‘gelykheid en broederskap’ wat deur die Franse rewolusie weer gepopulariseer is, is die teksgedeelte absoluut die teenoorgestelde van die gedweep met ‘polities korrek’ wees. ‘Apartheid’ wat per slot van rekening deur God se uitverkiesing ‘n geestelike gegewe is word verwerp want ‘alle mense is God se kinders’ terwyl die Woord van God ons net leer dat alle mense God se skepsele is. Die Heilige Skrif leer ons dat daar net twee groepe mense is, die kinders van God en die volgelinge van Satan, hulle wat versoening van hulle sondes deur en in Jesus Christus ontvang en hulle wat hulle eie heil en redding uitwerk. Uiteraard is dit die ware kernverskil tussen die christelike geloof en enige ander geloof op aarde. “n Vermenging daarvan is onmoontlik, daar is nou eenmaal dinge wat nie gemeng kan word nie, soos olie en water, die ware geloof met heidense praktyke. In daardie opsig is die Kerk van Christus – dus nooit die kerk van iemand anders nie – apart gestel van alles. Daar is heel eenvoudig ‘n onoorbrugbare kloof tussen die ware geloof en alles wat hom as geloof aanbied. Wat dit betref was dit juis die kommunisme wat as totalitêre ‘godsdienst’ die calvinisme kon verstaan omdat dit ook totalitêr is: God is Koning oor elke duimbreedte grond in die heerlik uitdagende lewe. Beide geestesrigtings staan lynreg teenoor mekaar maar kan dit ten diepste met ‘n sekere mate van respek benader. Totalitêr en daarom so anders as die kompromie soekende louheid en slapheid van die mense wat so onmenslik gelukkig met hulleself is. Dit is dan ook geen wonder nie dat die vyande van die calvinisme so venynig tekere gaan teen Calvyn se houding in die

geval van die teregstelling van die ketter Servet nie. Die o-so trots wetenskaplikes van ons tyd maak absoluut onwetenskaplik Calvyn los uit die omgewing en omstandighede waarin hy geleef het en beoordeel hom in die lig van hulle moderne humanistiese gedagtegang en daarby vergeet hulle gerieflik die aandeel van die betrokke stadsowerheid en Calvyn se geringe invloed daar. Ons sien dieselfde in so baie beoordelings van die ander hervormer, Maarten Luther. Dieselfde versnippering van die Bybel en die losskeur uit die betrokke teksverband word deur baie mense gedoen wat hulle as Bybelverklaarders aandien.

Nehemia sien dit as sy Godgegewe roeping om te sorg dat die heilige volk van die Allerheiligste die opdragte om hulleself heilig te gedra ook uitgevoer word. Daarin was hy gelukkig nie alleen nie want in die eerste drie verse van hoofstuk 13 lees ons dat die Godsvolk self die woorde van die Wet oor hulle heiliging besef het en daadwerklik dit wou uitleef. Die nakomelinge van die oeroue ‘broedervolke’ die Ammoniete en Moabiete het tussen die Jode gewoon en gewerk. Dit was nie verkeerd nie maar dit was wel volgens God se bevel verkeerd dat hulle ook deelgeneem het aan die diens van die HERE. Blykbaar is elke Sabbatdag die Wet van die HERE voorgelees en nou het dit opgeval dat in Deut 23 : 3 – 6 die HERE spesifiek beveel dat niemand wat ook maar ‘n bietjie Ammonitiese of Moabitiese bloed in sy are het – al was dit met verloop van tien geslagte, nooit in die heiligdom van die HERE mag kom nie. Ammon en Moab wat tog Lot as stamvader het, het hulle bloedverwantskap verloën met die intog van God se volk in Kanaän en Moab se koning het dit nog erger gemaak deur te probeer om Israel vervloek te kry (Num 22 – 24). Die volk het toe die bevel van God toegepas en almal van gemengde herkoms verbied om in die gemeente van die HERE te kom – dus baie minder streng as die wegstuur van alle vreemde vrouens en kinders onder Esra. Hulle kan in Jerusalem en Juda bly woon maar kan nie aan die erediens deelneem nie.

Die sondige optrede van Ammon en Moab het al 'n duisend jaar eerder plaasgevind !! Duidelik is dat daar by God geen verjaring van skuld is nie soos ons vind by menslike wette. Vandag se 'mensliewende' mense redeneer dat iets wat so baie eeue gelede gebeur het en skaars nog by mense bekend is, tog nie onder die stof van eeue uitgehaal en weer in herinnering gebring mag word nie. Die argument klink vir ons menslike gevoel aangenaam. Hoe sou 'n samelewing moontlik wees as ons – o-so in stryd met 'politiees korrek wees!!- in herinnering bring die verradelike moord op Piet Retief en sy geselskap, die afgryslieke moorde op Voortrekker gesinne en die babatjies wie se koppe verpletter is teen die wiele van die waens.... En om bietjie meer politiees-korrek te wees, die misdade van die Engelse met hulle 'verskroeiende aarde' beleid? Of die sondige optrede deur amptenare en lede van die polisie of weermag wat onder die dekmantel van apartheidswetgewing en dergelyke smoesies hulle haat botgevier het teen mense wat ook na die beeld van God geskape was? Maar ondertussen is dit deel van ons geskiedenis wat met die grootste dosis breinspoeling wat as 'politiees korrektheid' gesmous word, nooit weggedink kan word nie. Maar ons moet as verbondskinders die lyne baie verder trek. Volgens die Heilige Skrif word die ongeregtighede van ons voorvaders ons toegereken. Psalm 79 : 8 bid spesifiek 'reken ons die ongeregtighede van ons voorvaders nie toe nie'. Daar is geen Bybelse gemeenskapsbesef meer nie. O, ja, natuurlik is die 'in' ding die gedurige gespeel met die leë woord 'gemeenskap' wat egter 'n absolute rewolusionêre kleur gekry het. Laat ek liewers hier herhaal wat ek hieroor geskryf het in 'Gewaarborgde Oorwinning – hulp by die Bybelstudie van die boek Daniël' bl 101 -105. (bl. 95 – 102 in die 5de uitgawe wat op die internet is)

*

*

*

Wat die kwessie van die teksvers en Ammon en Moab betref is dit noodsaaklik dat ons uitgangspunt nie die een is wat vanuit die menslike standpunt redeneer nie maar die saak probeer sien van God se kant af. Wat dink Hy van die sonde wat teen Sy volk, Sy oogappel gepleeg is? Sy heiligheid is geskend, in oneer gebring. Die tyd het niks verander aan die sonde van Ammon en Moab nie en ook nie aan Israel se plig om afgesonderd van hulle te bly nie vgl. Deut 7:1-4 Maar die verval het al in die hoogste kringe wortelgeskiet en so deurgesypel in die hele volk. Die volgende teksgedeelte is daar 'n duidelike voorbeeld van.

**SKAAMTELOSE VERRADELIKE OPTREDE DEUR DIE
KERKLIKE AMPSDRAER 13 : 4 – 9**

Met die woordjie 'tevore' word hierdie Skrifgedeelte verbind met die vorige verse waarin juis op God se bevel van afsondering teenoor die Ammoniete sprake is. Nou was dit niemand minder as die hoëpriester Eljasib (of indien hy dan nie die hoëpriester was nie dan minstens 'n baie vername lid van die hoëpriesterlike familie) wat jou werklik waar die heiligdom van die HERE ontheilig het deur 'n kamer in die tempel leeg te maak van dit wat aan die HERE gewy was en dit te gee vir gebruik en blyplek aan die veragte Ammoniet Tobija, wat weens huweliksbande 'n familielid van Eljasib was. Trouens soos ons in vers 28 lees was die hoëpriester Eljasib ook nog deur die huwelik van 'n kleinseun verbind met Sanballat die Goroniet. Dink u dit in!! Die hoëpriesterlike familie wat deur die HERE in Lev 21 : 13-15 spesifieke bepalings vir die suiwerheid en heiligheid gegee is, is met familiebande, wat in die kinders dus bloedbande word!, verbind met die venynigste aartsvyande van Nehemia en so met die volk van God....

Selfs al sou die hoëpriester in verband met die afstandhouding teenoor Ammon en Moab hom op onwetendheid kon beroep in daardie deurmekaar tyd van oorlog en ballingskap dan sou tog allereers van hom verwag kon word om die voorbeeld van die volk te volg wat onmiddellik in gehoorsaamheid aan die Wet van die HERE die gemengde volk afgesonder het. Maar hy wat die geestelike hoof van God se volk was plaas homself bokant die geopenbaarde Woord!

Nehemia was in die tyd wat Eljasib hierdie onding gedoen het weer in die hof van die koning maar het onmiddellik weer verlot gevra om terug te gaan na Jerusalem toe hy gehoor het van al die verval waaroor ons in hierdie hoofstuk lees. Met Tobija se ontheiliging van die huis van God maak hy korte metste, die huisraad word uitgegooi en van die tempelplein verwyder en die priesters kry opdrag om die kamer met die nodige reinigingsrites kulties rein te maak.

Maar hierdie skaamtelose misbruik van die tempelgeboue het ook ander verreikende gevolge gehad. Die groot kamer (vs5) wat Tobija kon gebruik was blykbaar vir die Ammoniet nie genoeg nie want daar moes kamers (meervoud) gereinig word vs.9 Hierdie kamers was bestem en gebruik vir die opslaan van wat nodig was vir ‘die graanoffer, die wierook, die offergereedskap, die tiendes van koring, wyn en olie, die aandeel van die Leviete, die sangers en die poortwagte, en die offergawe vir die priesters.’ In kort was die doel van die kamers die onderhouding van die erediens en hulle wat deur God geroep was om die erediens en offerdiens presies volgens God se bevel uit te voer.

Deur Eljasib se sonde is daar nou geen plek meer vir die bewaar van die tiendes wat in die lewensonderhoud van die Leviete en die sangers moes voorsien nie. Die gevolg was dat hulle nie kon oorleef nie en elkeen maar teruggegaan het na hulle stukkie grond toe – die besit daarvan was ook al ‘n afwyking van God se opdragte vgl Deut 10:9 ; 18:1.

Nehemia wat woedend was oor die gee van die kamer vir Tobija laat dit nou nie daarby nie maar spreek die ampsdraers sterk aan. Die verval het die hele gemeente aangesteek sodat die leiers niks gedoen het om die verwaarlosing van erediens en tempel te verhinder nie. Hoe wonderlik was die plegtige ondernemings wat in dae van hervorming gegee was maar dit is alles verlede tyd en die heilige gebooie van God is nie alleen vergeet nie maar ook met die voete vertrap. Weereens laat God Sy volk nie oor aan allerlei booswigte sonder geestelike ruggraat nie. Hy gebruik weereens Sy dienskneg Nehemia wat ingryp en die Leviete terug laat kom en die hele tempeldiens weereens reël. Daarvoor stel hy mense aan wat 'as betroubaar beskou is'. Hierdie kommissie wat bestaan uit 'n priester, 'n Leviet, 'n skrifgeleerde en blykbaar 'n verteenwoordiger uit die gemeente moes sorg dat alles nou reg loop. Ook in die Kerk van Christus is dit na die sondeval nog altyd nodig om betroubare gelowiges te vind. Juis die Kerk is tog die eerste plek waarop die duiwel sy aanvalle toespits.

Agteruitgang weens sondes kring dikwels baie verder uit as wat ons op die eerste blik dink. Dit het die diens aan die HERE direk geraak en so ook die lewensonderhoud van die Leviete en verder gegaan in die ongehoorsaamheid aan uitdruklike gebooie van die HERE Here soos ons vanaf vers 15 lees. Die sabbat is nie meer ge-eer nie. Juis die onderhouding van die sabbat was 'n baie duidelike uiterlike verskil tussen die gelowige Israel en die ongelowiges. Nadat die tempeldiens nie meer onderhou kon word met die verwoesting van die tempel en die ballingskap het juis die sabbatsonderhouding hulle verskil van die heidene so helder laat uitkom. Dit was dan ook gesien as een van die allerbelangrikste godsdienstige verpligtings.(vgl Jes 56). Hoe kort nog gelede dat die volk met hart en mond belooft het by die hernude verbondssluiting dat 'as die volke van die land koopware en allerhande soorte koring bring om op die sabbatdag te verkoop, dat ons niks van hulle sou neem op die sabbat of op 'n heilige dag

nie..’ 10:31 daarmee het dit gegaan soos met die beleving van die eerste liefde met die gelowige versorging van die Leviete 12:47 – die geestelike koue het alles knarsend tot stilstand laat kom.

Die sabbat was die enigste gebod wat sonder ‘n ‘sedelike’ basis net eenvoudig gehoorsaamheid eis aan die onbegryplike heilige wil van God. Dit was ‘n teken vir ewig tussen God en Israeliet. Dit moes gehoorsaam word sonder dat iemand redes kon aanvoer wat iets met die gewete te doen gehad het.

Tot sy groot verdriet sien Nehemia dat die leiers se sondige slapheid en verontagsaming van God se geopenbaarde wil baie mense in Juda vergiftig het. Op openlik blatante wyse word die wet van die HERE vertrap deur die wynpers op die sabbat te trap en allerlei landbouprodukte op die sabbat te laai en die heilige stad in te bring. Nehemia het die skuldige Israeliëte gewaarsku. Opvallend dat hy nie op hierdie stadium die Tiriërs waarsku nie maar sy mede-Israeliëte. Die Tiriërs is vreemdelinge en kan maar afwag die maatreëls wat deur die landgenote geneem moet word.

Ons broeders en susters in die ou bedeling het al dieselfde sondes as ons gedoen deur klem te lê op persoonlike belange en voordeel, die gejaag na wins, na materialisme, of wat vandag dan genoem word ‘die soek en handhawing van ‘n leefstyl’... In die najaging van ‘n gemaklike leefstyl het hulle die sabbat omvorm van tot eer van God na die tot eer en gemak van die menslike leefstyl en gevolglik die Tiriërs toegelaat en daadwerklik gehelp om die sabbat te ontheilig sodat hulle gemaklike leefstyl nie ongemaklikhede sou ondervind nie. Nehemia vermaan die leiers wat as vooraanstaande burgers aangedui word en draai geen doekies om nie. Hy verwyt die leiers wat hulle pligte skandalig verwaarloos het en daarmee skuldig is aan die sondige dade van die burgers. Hierdie gemeenteleiers het die owerheid gevorm en omdat hulle nie die deur Godgegewe gesag gebruik het nie staan hulle skuldig aan die sondes van sabbatsontheiliging.

Deur hulle slapheid en gemaksug volg hulle weer in die spore van die voorvaders wat die toorn van die HERE laat losbars het met as gevolg al die onnoemlik verskriklike ellende. Hoe kan hulle wat dit alles weet en baie van daardie gevolge aan hulle lyf ondervind het, tog so die Heilige weer beproef?

Die praktiese Nehemia neem onmiddellik die nodige maatreëls. Die stadspoorte moet Vrydagaand met sonsondergang gesluit word. Sodra die son agter die berge van Moab wegsink en die poorte se skemerdonkerte nog smokkelaars sou kon laat probeer inkom moes Nehemia se eie lyfwagte die poorte sluit en bewaak. Maar eintlik is handelaars geen handelaars as hulle nie met die energie van entrepreneurs planne beraam om struikelblokke van die owerhede te oorkom of omseil nie. Die slinksheid van Joodse en Arabiese handelaars is tot vandag toe spreekwoordelik. Binne die geweldige groot en swaar stadspoorte was daar 'n klein deurtjie waardeur mense die stad in en uit kon gaan. Die inwoners kon dit nou maklik gebruik en omdat dit in die toegesluite poort se portaal sterk skemerdonker was kon hulle nog met vars groente en ander produkte die boikot omseil. Met die oog daarop het die kooplui maar net buitekant die stadsmuur laer opgeslaan en was dit besigheid soos gewoonlik. Nehemia het dit agtergekom en hierdie keer hulle self ernstig gewaarsku met as resultaat dat aan daardie sabbatsontheiliging 'n einde gekom het. Wanneer dit daaroor gaan om die Woord van God te laat eerbiedig neem hy geen halwe maatreëls nie.

Dit is ook baie duidelik te sien in sy optrede teenoor Jode wat met vreemde vrouens getroud was. Die reformasie onder Esra was maar van bitter korte duur. Op sy inspeksiereise het Nehemia bemerk dat verskillende van sy volksgenote in die ellende van gemengde huwelikke (vgl Mal 2:11) vasgeval het. Die gevolge van hierdie huwelikke met vreemdes wat dan ook vreemde afgode gedien het en natuurlik al die kultiese en kulturele verskille in hulle gesinne ingebring het, was dat selfs die helfte van die

kinders in daardie huwelikke geen Joods kon praat nie maar alleen die taal van hulle ma's of dit nou Asdods of die taal van 'n ander volk was. Nehemia noem spesifiek die taal van die vrouens uit Asdod wat wel 'n Filistynse taal was en dus die taal van die onbesnedenes en dit in die mond van Joodse kinders! Al was die Jode wat hulle met Moab en Ammon vermeng het wel uitgesluit uit die verbondsgemeenskap, was daar weer huwelikke gesluit. Hoe ontstellend was dit vir Nehemia dat van sy volksgenote jou waarlik getrou het met vrouens uit daardie volke wat al die eeue deur so uitgesproke vyandig teenoor God en Sy volk was. Dit is nog maar altyd so dat bande met die wêreld God se volk tot nadeel strek en dat aanpassings altyd van die kant van die gelowiges moet kom soos hier waar die ma's uit Asdod hulle kinders geen joods laat leer het nie.

Nehemia het geen medelye met die ontroue mans wat so kort na die plegtige eed en verbond dit verbreek het deur met ongelowige vreemde vrouens te trou. Dit was skaars 'n geslag na Esra se optrede, 'n 26 jaar later. Die goewerneur was nie met hande en voete gebind deur wetgewing oor sogenaamde 'menseregte' en 'n humanistiese 'grondwet' en wette wat die staat burgers laat verbied om disiplinêr lyfstraf te gee nie. In heilige woede raas hy met die oortreders, gee party 'n pak slaag, trek ander weerspanniges die hare uit, vervloek hulle en laat hulle daarna 'n eed sweer dat dit nou end kry en dat hulle nie verder sal gaan op die onheilspad wat die grote koning Salomo se ondergang was nie. Dit was dan juis die Moabietiese en Ammonietiese vrouens wat Salomo geneem het en hom in die verderf gestort het. Om sy woorde nog meer krag te gee laat hy dit nie daarby nie maar skop die kleinseun van die hoëpriester wat met 'n dogter van sy en die kerkvolk se aartsvyand Sanballat getroud was, die stad en so die geloofsgemeenskap uit. 'Onthou hulle, my God, hulle het die priesterskap en die plegtige onderneming in die verbond van die priesters en Leviëte besoedel'. Dit gaan dus weer oor die heiliging van die Naam van

die Allerheiligste en nie oor homself of die politieke toekoms en statuur van sy volk nie. Daarom is dit ook nie tersake om te beweer dat dit nie Nehemia as goewerneur en dus staatsamptenaar se taak en reg was om so in die kerklike toestande in te gryp nie. In die eerste plek was die eer en heiligheid van die HERE aangetas, verder was die plegtige verbondsede en –beloftes met die voete vertrap en in elk geval sou Nehemia niks kan verstaan van die menslike redenasies oor ‘n skeiding tussen ‘kerk en staat’ soos dit teoreties in ons tyd verkondig word. Teoreties want hoe kan dit wees dat ‘n kommunisties-sosialistiese staat wat hom hees skreeu oor ‘demokrasie’ wat netsomin soos kommunisme nooit werklik deel van Afrika was en dus geen plek in ‘n ‘Afrikarenaissance’ kan hê nie, hom nou heerlik na die ‘kerke’ kan wend wat hulle ‘opium vir die volk’ tog maar moet gebruik om ‘n gemeenskap van soet Afrikabroeders en –susters te skep ?? Hierdie gees van vermenging is in die 19de eeu as Liberalisme onderken, hulle wou die kerke net laat bestaan as hulle soet sedelik-morele mense materiaal kon lewer... Deur die eeue klink die skreeu van die profeet op dat my volk te gronde gaan weens ‘n gebrek aan kennis. ‘n Gebrek aan kennis van die lewende Woord van God maar ook van die werk van Christus as Koning van die geskiedenis in die geskiedenis van Kerk en wêreld. Weens verwaarlosing van kennis van die heilsgeskiedenis kan allerlei geestelike dwaallerings wortelskiet. Daar is aan my geen kettery bekend wat vandag opgeld doen wat nie teruggaan na die kettery wat in die eerste eeue van die christelike Kerk hulle duiwelse verskeurende werk gedoen het nie. Hoe nodig is dit in ons tyd om in die gees van ‘n Nehemia en Esra hervormingswerk te doen. En dan kan ons ook gerus daarop let dat hulle elkeen op hulle eie besondere manier die sondeprobleem van vreemde vrouens op die heilige erf benader het.

Nehemia het werk gemaak van die heiliging, die suiwering van die erediens en die praktiese dinge wat daarby behoort soos die reël van diensbeurte vir

priesters en Leviete en die lewering van hout vir die offers en die offerbestanddele. Tot vandag toe word in die Gereformeerde Kerke ook nog gesorg vir die reëling van diensbeurte om toesig oor die Woordverkondiging deur die ouderlinge en die insameling van offergawes deur diakens te hou.

In hierdie hoofstuk het Nehemia somer drie keer 'n gebed tot God opgestuur (vgl 5:19 en wat ons daarby gesê het). Ook hier is dit duidelik weer 'n bou op God se genade. Hy roep elke keer God as getuie by die werk wat hy gedoen het maar dan as 'n ootmoedige wat die gebrekkige van die sondaar se werk besef en dus pleit op God se genade, bid vir God se ontferming. Hoe het hierdie man wat regeringshoof in Juda was as die goewerneur tog 'n biddende lewe gelei in die daaglikse uitdagende lewe.

DINK AAN MY, MY GOD, TEN GOEDE!!

Met hierdie uitroep eindig hierdie besondere Bybelboek Nehemia. Dit wat deur die Skrifgeleerde Esra voorberei was met sy prediking en onderrig het die so beskeie Nehemia werklikheid probeer maak. Beide gelowige diensknepte van die HERE het as reformatore gewerk en gestry en gely. Beide Bybelboeke is boeke van reformasie maar ook van deformasie, kerklike en lewensverval. Al twee manne was lewende skreeue vir die koms van die grootste Reformator, die Messias, want alleen Hy kan met Sy soendood Satan in sy duiwelse spore stuit.

Dit is wel baie verootmoedigend vir ons as ons besef dat die werk van Nehemia met al die wonderlike roerende openbare beloftes en ede maar baie kort sy invloed behou het. Kort daarna het Maleagie begin profeteer en gewys op die onverskillige houding van die priesterskap vir gehoorsame diens aan God en die grootskaalse veragting van die deur God ingestelde huwelik.

Die boek Nehemia wys ons wel baie nadruklik op die groot gevaar van verdraagsaamheid teenoor ‘die vreemde volk’ binnekant die kerkmure. In al hoe groter mate klink weens die besondere omstandighede in ons land die wekroep op om ekumenies te wees, saam te werk met enige kerklike groepering wat hom op die naam van ‘christelik’ beroep. Die Franse teoloog Rossier skryf : ‘Dit is inderdaad die hooforsaak van die verval van die Kerk. Die gevaar is minder groot om die ‘wêreld’ na te volg as om saam te loop met hulle wat ‘n selfde belydenis het en oënskynlik van dieselfde oorsprong is , maar die geloof nie deelagtig is nie. Hulle meen om reg te hê op ‘n saamwerk vir God en onder die dekmantel van die christelike belydenis , verlok hulle die gelowiges deur verbintenisse wat lyk asof hulle baie voordelig is . Mag die Here ons vir daardie gees bewaar en ons van dergelyke samewerkingsbande bevry. Die resultaat daarvan is altyd ‘n geestelike verswakking wat baie verder reik as familiebande, maar deurwerk in die kerklike en gemeentelike lewe en die eer van God en die reinheid van Sy huis in hierdie wêreld aantast.’

Nehemia het die muur tussen Israel en die volke rondom sowel werklik as geestelik weer gebou. ‘n Noodsaaklike muur wat moes voorkom dat Israel, die Godsvolk, weg sou spoel in die groue see van heidendom en menggodsdienstigheid. Na die mislukking van sy groot werk het hy nie in moedeloosheid hom aan die Kerkvolk onttrek nie maar weer die voortgaande hervormingswerk aangepak met ‘n ywer en daadkrag wat ons met die grootste agting vervul. Die pad vir die koms van ons grootste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning (H.K.Sond 24) moes beveilig word met die stryd vir die isolasie van Israel. Ongelukkig het die ywer van die Fariseërs en aardse nasionalisme die mure te hoog en skeef laat bou sodat Israel skoon vergeet het dat sy uitverkies was om die Evangelie na die hele wêreld uit te dra. Jesus Christus het binnekant die herboude mure van dieselfde Sion dieselfde deformasie ondervind. Hy is

ook deur Satan en mense versoek en met alle mag is probeer om Hom uit te wis. Hy is buitekant die mure van Sion gedryf as ‘n Gevloekte om daar met Sy kosbare bloed die ewige fondasie vir die Nuwe Jerusalem te lê. So het Hy ook die werk van ‘n Esra en Nehemia klaargemaak, voltooi. Daarmee ook die skeidsmuur (Ef 2:14) afgebreek.

In die Bybelboeke Esra en Nehemia lees ons oor geweldige swaar moeilike tye op omtrent alle lewensgebiede. Ekonomies het dit vir die algemene bevolking bitter moeilik gegaan, vyande was orals en hulle het boonop baie ekonomiese mag besit. Eenheid tussen die Jode was nog nooit in die geskiedenis hulle sterk punt nie maar in daardie dae na die terugkeer was verraad in eie boesem wel baie wyd versprei. Om kompromieë met die vyand en die verheidenste bevolking en die kerklik ‘slappes’ te sluit was baie aanloklik. Die herbou van die stadsmure en die skoonmaak van die tempel en die herbou van huise het onmenslik harde werk, bloed –sweet-trane gekos. Neem dit nou alles in ag en sien dan die honger van die hele volk om na die Woord se voorlesing en die wetsvoorlesing te luister en dan die lus om in gehoorsaamheid die Goddelike opdragte uit te voer. Wonderlike godsdienstige feesvierings met geweldige offers ook offers wat geld kos om gehoorsaam te wees soos die vrylating van verslaafde broeders en susters en hulle kinders en grond. Dit alles omdat die ‘soos geskryf is’ en die ‘geopende Skrifte’ so geweldig belangrik gemaak is deur Esra en Nehemia.

Die priester Esra en die goewerneur en nie-priester Nehemia was gedurig gekonfronteer met hulle onmag om die reformasie standhoudend deur te voer maar hulle werk is deurgevoer deur die mag van die groot Priester-Koning Jesus Christus ons Here.